Adolessente seuns se houding ten opsigte van seksuele losbandigheid :

’n Sosio- opvoedkundige perspektief

deur

Thalita Nelson

voorgelê kragtens die vereistes

vir die graad

Magister Educationis

in

Sosio–Opvoedkunde

aan die

Universiteit van Suid-Afrika

Studieleier: Dr A. Dicker

September 2012

Verklaring

Ek verklaar hiermee dat,

Adolessente seuns se houding ten opsigte van seksuele losbandigheid -'n Sosio opvoedkundige perspektief, my eie is en dat die bronne wat ek gebruik het of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is.

Ek doen voorts afstand van outeursreg ten gunste van die Universiteit van Suid-Afrika.

_____ _____

T. Nelson DATUM

Bedankings

Met die suksesvolle voltooiing van hierdie studie wil ek graag my dank en waardering teenoor die volgende persone uitspreek:

My Hemelse Vader wat my van die nodige deursettingsvermoë voorsien het.

My man Leon, vir sy inpirasie en belangstelling.

My moeder Annamarie, wat vir my al die geleenthede geskep het om ’n lewenslange leerder te wees.

My gesin, Wian, Ananje en Lenita, vir hul geduld en liefde.

Dr. Anne-Mari Dicker, vir haar volgehoue hulp en bekwame bystand.

Dr. Kirstein vir sy waardevolle raad.

Sanet De Beer vir die noukeurige taalversorging.

Johan en Reina Niewoudt vir statistiese verwerkings.

Al my vriende en kollegas vir ondersteuning en aanmoediging.

Summary

Adolescent boys' attitudes towards sexual licentiousness:

a Socio Educational perspective

Adolescent behaviour is characterised as a cognitive, social and personality developing phase. Hormones can have a big influence on the cognitive and social developing of an adolescent boy. Adolescent boy's behaviour can influence their attitudes towards developing of values.

Moral values develop during adolescence. Limitations in the developing of cognitive skills in adolescent boys can lead to immoral experimenting. Attitudes of anxiety and a low self confidence can develop.

Licentiousness is when a person acts outside the norm of moral values of an environment. Sexual licentiousness is behaviour that is unacceptable in social norms of the environment.

Moral values are behaviour that is acceptable in a social environment. An Adolescent with a larcenous lifestyle does not have any moral values.

The descriptive research method is used for the problem statement and to enquire into the objectives of the research. The Social Development Theory possesses to the enormous power to elevate and accelerate the expansion and development of human capabilities in any field. Social development organises human energies and activities at higher levels to achieve greater results. Development increases the utilisation of human potential.

The question that is being asked is: Which factors influence adolescent boys' attitudes towards sexual licentiousness and which socio educational situations can decrease the complex problem.

The adolescent, however, still experiences problems in making the appropriate decisions in life. Decisions that may have far reaching implications for their future.

Keywords:

Sexual licentiousness, adolescent, attitudes towards sexual licentiousness

Opsomming

Adolessente seuns se houding ten opsigte van seksuele losbandigheid:

’n Sosio opvoedkundige perspektief

Adolessensie is ‘n fase van kognitiewe, sosiale en persoonlikheidontwikkeling. Hormone in die adolessente fase by seuns kan ‘n invloed hê op die kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die adolessent. Dit kan veroorsaak dat adolessente op ‘n baie vroeë ouderdom gekonfronteer word met hul houdings tot ontwikkeling.

Morele waardes ontwikkel tydens adolessensie. Morele onrypheid by die adolessent kan bly voortbestaan as gevolg van kognitiewe beperkings. Dit veroorsaak houdings van minderwaardigheid en vrees.

Losbandigheid word in die morele sin gebruik as ’n persoon onsedelik lewe. ’n Adolessent met ’n losbandige leefstyl het ’n gebrek aan sedelike kodes. Sedes is gewoontes en gedrag wat deur ’n sosiale gemeenskap as normaal beskou word. Seksuele losbandigheid is gedrag in stryd met goeie waardes van die sosiale omgewing.

Die beskywende kwantitatiewe navorsingsmetode is gebruik om die probleemstelling en doelwitte te ondersoek. Die sosiale ontwikkelingsteorie is gebruik as ‘n komponent om die proses waar die adolessent menslike vaardighede en houdings ontwikkel te beskryf.

Die vrae wat ontstaan is dus: Eertens: Watter faktore gee aanleiding tot adolessente se houdings ten op sigte van seksuele losbandigheid Tweedens: Is daar sosio-opvoedkundige situasies wat die verskynsel kan verminder?

Die adolessent ondervind steeds probleme om regte besluite in die allerdaagse lewe te neem.

Besluite wat vêrrykende gevolge vir die toekoms inhou.

Kernbegrippe

Seksuele losbandigheid; adolessensie; houdings teenoor losbandigheid.

Inhoudsopgawe

Verklaring ii
Dankbetuiging iii
Summary iv
Opsomming v

HOOFSTUK 1

INLEIDING VAN DIE STUDIE

1.1 Teoretiese agtergrond 1

1.2 Probleemstelling 3

1.2.1 Agtergrond 3

1.2.2 Probleemstelling 3

1.3 Navorsingsvraag en sekondêre vrae 4

1.4 Navorsingsdoel en doelwitte 5

1.5 Navorsingsmetode 5

1.5.1 Literatuurstudie 5

1.5.2 Empiriese ondersoek 6

1.6 Begripsverklaring 9

1.7 Uitleg van studie 11

HOOFSTUK 2

TEORETIESE AGTERGROND VAN SEKSUELE LOSBANDIGHEID

2.1 Inleiding en agtergrond 12

2.1.1 Die opvoeder se invloed op houdings 13

2.1.2Die verband tussen opvoeding en sosio-opvoedkunde 13

2.2 Psigologiese perseptiewe 13

2.2.1 Frued se psigoanalistiese teorie 14

2.2.2 Piaget se kognitiewe benadering 14

2.2.3 Louw se beskrywing van adolessensie 14

2.3 Paradigma perspektief 15

2.3.1 Die sosiale ontwikkelingsparadigma 15

2.4 Soorte seksuele losbandigheid 15

2.5 Faktore wat aanleiding gee tot seksuele losbandigheid 16

2.5.1 Kindermolestering 17

2.5.2 Sosio-ekonomiese omstandighede 18

2.5.3 Geweld 18

2.5.4 Media 19

2.5.5 Gesinsagtergrond 22

2.5.6 Puberteit en adolessensie 25

2.5.7 Skoolomgewing 25

2.6 Sosio-opvoedkunige essensies noodsaaklik by die opvoeding en sosiale lewe van adolessent. 24

2.6.1 Ek-jy-verhouding 23

2.6.2 Opvoedingstyl 25

2.6.3 Kommunikasie 27

2.6.4 Sosiale lewe 27

2.6.5 Identiteit en selfkonsep 28

2.6.6 Selfaktualisering 29

2.6.7 Sosiaal maatskaplike orienteering 30

2.6.8 Behoeftevervulling in sosiale verband 30

2.7 Samevatting 30

HOOFSTUK 3

NAVORSINGRAAMWERK

3.1 Inleiding 33

3.2 Navorsingontwerp 33

3.3 Navorsingsmetodes 34
3.3.1 Navorsingtegniek 33
3.3.2 Navorsingsmetodes 34

3.4 Steekproef 35

3.5 Vraelys 34

3.6 Etiese aspekte 38

3.7 Vlak van meetbaarheid 40

3.8 Geldigheid en betroubaarheid 41

3.9 Dataverwerking 41

3.10 Samevatting 48

HOOFSTUK 4
ONTLEDING, AANBIEDING EN INTERPRETERING VAN DATA

4.1 Inleiding 50

4.2 Kritiese ontleding 44
4.2.1 Biografiese inligting 44
4.2.2 Losbandigheid se subskale 65

4.3 Meervoudige regressies 72

4.4 Samevatting 82

HOOFSTUK 5

SAMEVATTENDE GEVOLTREKKING EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

5.1 Inleiding **84**

5.2 Doel van die studie **85**

5.3 Bevindinge **85**

5.3.1 Literatuurstudie 85

5.3.2 Empiriese navorsing 85

5.4 Gevolgtrekkings **85**

5.4.1 Literatuurstudie 86

5.4.2 Empiriese studie 87

5.4.2.1 Vraelyste 87

5.4.3 Sekondêre gevolgtrekkings 88

5.5 Aanbevelings **89**

5.6 Tekortkominge van die studie **90**

5.7 Voorstelle vir verdere navorsing **90**

5.8 Slotopmerking **90**

BRONNELYS **92**

BYLAAG A **97**

BYLAAG B **104**

BYLAAG C **108**

Figure

Figuur 1.1:	Empiriese ondersoek	7
Figuur 2.1:	Invloed van die media	20
Figuur 2.2:	Risiko faktore wat moontlik vroeë seksuele gedrag kan veroorsaak.	32

Tabelle

Tabel 3.1	Losbandigheidskaal: Betroubaarheidstatistiek	42
Tabel 3.2	Item Statistieke	42
Tabel 3.3	Korrelasiematriks van Losbandigheidskaal	44
Tabel 3.4	KMO en Bartlett se toets	45
Tabel 3.5	Konformiteitskaal: Betroubaarheidstatistiek	45
Tabel 3.6	Konformitietskaal: Item Statistiek	45
Tabel 4.1	Ouers geskei	51
Tabel 4.2	Gemiddelde slaagsyfer	52
Tabel 4.3	Geskatte jaarpunt	52
Tabel 4.4	Aantal broers en susters	53
Tabel 4.5	Jongste in familie	53
Tabel 4.6	Koshuis leerders	54
Tabel 4.7	Verhouding met pa	54
Tabel 4.8	Verhouding met ma	55
Tabel 4.9	Geloof in lyfstraf	55
Tabel 4.10	Besit ’n tatoeëermerk	56
Tabel 4.11	Begeerte vir ’n tatoeëermerk	56
Tabel 4.12	Hou van sport	57

Tabel 4.13	Aantal vriende	57
Tabel 4.14	Saamstem met vriende	58
Tabel 4.15	Eensaamheidskaal	58
Tabel 4.16	Hou van skool	59
Tabel 4.17	Kerkbywoning	60
Tabel 4.18	Leerders wat rook	61
Tabel 4.19	Alkohol gebruik	61
Tabel 4.20	Verdowingsmiddels	62
Tabel 4.21	Hoeveel ure voor die televisie	62
Tabel 4.22	Hoeveel ure word na geweld op TV gekyk	63
Tabel 4.23	TV sportkanaal	63
Tabel 4.24	Drama op televisie	64
Tabel 4.25	Komedie op televisie	64
Tabel 4.26	TV programme wat ouderdomsperk oorskry	65
Tabel 4.27	Leerders wat selfoon gebruik	65
Tabel 4.28	Leerders wat skootrekenaars gebruik	66
Tabel 4.29	Leerders wat ’n *Ipod* gebruik	66
Tabel 4.30	Leerders wat rekenaar gebruik	67
Tabel 4.31	Leerders wat televisie kyk	67
Tabel 4.32	Leerders wat ’n *Playstation* gebruik	68
Tabel 4.33	Lees van verbode tydskrifte	68
Tabel 4.34	Gebruik van *facebook*	69
Tabel 4.35	Gebruik van *Twitter*	69
Tabel 4.36	Gebruik van *MIxt*	*70*
Tabel 4.37	Gebruik van kletskamers	70

Tabel 4.38	Gebruik van *Skype*	71
Tabel 4.39	Subskaal L1 (Morele deugde) Betroubaarheidstatistiek	71
Tabel 4.40	Subskaal L1 (Morele deugde) Itemstatistiek	72
Tabel 4.41	Subskaal L2 (Riskante gedrag) Betroubaarheidstatistiek	73
Tabel 4.42	Subskaal L2 (Riskante gedrag) Itemstatistiek	73
Tabel 4.43	Subskaal L3 (Ongebondenheid) Betroubaarheidstatistiek	75
Tabel 4.44	Subskaal L3 (Ongebondenheid) Itemstatistiek	76
Tabel 4.45	Subskaal L1 (Morele deugde) Regressiekoëfisiënte	78
Tabel 4.46	Subskaal L2 (Riskante gedrag) Regressiekoëfisiënte	79
Tabel 4.47	Subskaal L3 (Ongebondenheid) Regressiekoëfisiënte	81
Tabel 4.48	Opsommende Regressie Model L1	108
Tabel 4.49	Opsommende Regressie Model L2	109
Tabel 4.50	Opsommende Regressie Model L3	110

Grafieke

Grafiek 3.1	Dendrogram van gemiddelde verbande tussen groepe	46
Grafiek 4.1	Histogram van geskeide ouers	51
Grafiek 4.2	Histogram van gemiddelde slaagsyfer	52
Grafiek 4.3	Histogram van geskatte jaarpunt	52
Grafiek 4.4	Histogram van aantal broers en susters	53
Grafiek 4.5	Histogram van jongste kind in gesin	53
Grafiek 4.6	Histogram van koshuisleerders	54
Grafiek 4.7	Histogram van verhouding met pa	54
Grafiek 4.8	Histogram van verhouding met ma	55
Grafiek 4.9	Sirkeldiagram geloof in lyfstraf	55

Grafiek 4.10	Sirkeldiagram besit ’n tatoeëermerk	56
Grafiek 4.11	Sirkeldiagram begeerte vir ’n tatoeëermerk	56
Grafiek 4.12	Sirkeldiagram hou van sport	57
Grafiek 4.13	Histogram van aantal vriende	57
Grafiek 4.14	Histogram van saamstem met vriende	58
Grafiek 4.15	Histogram van eensaamheidskaal	58
Grafiek 4.16	Histogram van hou van skool	59
Grafiek 4.17	Histogram van kerkbywoning	60
Grafiek 4.18	Histogram van leerders wat rook	61
Grafiek 4.19	Histogram van alkohol gebruik	61
Grafiek 4.20	Histogram van verdowingsmiddels	62
Grafiek 4.21	Histogram van ure voor die televisie	62
Grafiek 4.22	Histogram van geweld op TV	63
Grafiek 4.23	Histogram van TV sportkanaal	63
Grafiek 4.24	Histogram van drama op TV	64
Grafiek 4.25	Histogram van komedie	64
Grafiek 4.26	Histogram van TV programme wat ouderdomsperk oorskry	65
Grafiek 4.27	Histogram van leerders wat selfoon gebruik	65
Grafiek 4.28	Histogram van leerders wat skootrekenars gebruik	66
Grafiek 4.29	Histogram van leerders wat ’n *Ipod* gebruik	66
Grafiek 4.30	Histogram van leerders wat rekenaar gebruik	67
Grafiek 4.31	Histogram van leerders wat TV kyk	67
Grafiek 4.32	Histogram van leerders wat ’n *Playstation* gebruik	68
Grafiek 4.33	Histogram van lees van tydskrifte	68
Grafiek 4.34	Histogram van gebruik van *facebook*	69

Grafiek 4.35	Histogram van gebruik van *Twitter*	69
Grafiek 4.36	Histogram van gebruik van *MIxt*	70
Grafiek 4.37	Histogram van gebruik van kletskamers	70
Grafiek 4.38	Histogram van gebruik van *Skype*	71
Grafiek 4.40	Subskaal L1 (Morele deugde) Verspreiding van betroubaarheidstatistiek	79
Grafiek 4.41	Subskaal L2 (Riskante gedrag) Verspreiding van betroubaarheidstatistiek	80
Grafiek 4.42	Subskaal L3 (Ongebondenheid) Verspreiding van betroubaarheidstatistiek	81

HOOFSTUK 1

INLEIDING VAN DIE STUDIE

1.1 Teoretiese agtergrond

Marcell (2007) beweer dat adolessente vreemde wesens tydens puberteit kan wees. Hulle slaan deure toe, gaan maklik aan die huil en kry puisies as hulle op hul beste wil lyk. Hormone en chemiese stowwe speel rondomtalie in adolessente se lywe en hormone is dalk verantwoordelik vir hulle vreemde optrede.

Hormone kan ‘n invloed op die kognitiewe en sosiale ontwikkeling van adolessente hê. Gevolglik kan adolessente op ‘n baie vroeë ouderdom met hulle houding tot ontwikkeling gekonfronteer word (Brown 2007:25).

Die puberteitstadium het in die afgelope dekades baie vroeër hulle opwagting by jong adolessente gemaak (Landman 2008) as gevolg van moontlike beter eetpatrone, algemene voorspoed en beter mediese sorg en sosio-ekonomiese omstandighede

Hormone het net so ‘n drastiese uitwerking op tieners se emosionele ontwikkeling as wat hormone op hulle veranderde liggaamsvorm het. Ouers kla oor tieners se emosies van wispelturigheid en impulsiewe gedrag. Dit blyk of jongmense houdings van opwinding en wilde optrede toon (Hartell 2005:172).

Statistieke in Parrish (2009:26) staaf hierdie bewering - meer as driekwart van tienersterftes word deur die soeke na opwinding veroorsaak. Dit word die storm-en-drang-jare van die adolessent genoem.

Hormone is nie die enigste oorsaak vir die adolessent se laatnag uitsluip by die huis nie. In die verlede is geglo dat die brein teen adolessensie reeds volledig ontwikkel is. Nuwe navorsing toon egter dat biologiese volwassenheid eers teen die laat tiener- en vroeë twintigerjare bereik word (Louw 2007).

By die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent word die senuwee-eindpunte in die brein “gesnoei” vir beter funksionering. Dit verduidelik denkprosesse soos doelwitstelling, die stel van prioriteite en impulsbeheer wat eers later ontwikkel.

Marcell (2007:332) beweer dat hormone dus nie al die skuld kry vir adolessente se gedrag en houdings nie. Die onvermoë van die onvolwasse brein om gevaarlike gedrag te identifiseer en te beoordeel, kan ook aanleiding daartoe gee. Houdings van die jong adolessent kan ook tot onvolwasse optrede en besluitneming neig.

Hedendaagse seksualiteitsopvoeding is belangrik om die jong adolessent se hormonale fases reg te hanteer om sodoende aan sy kognitiewe en emosionele

ontwikkeling reg te laat geskied. Baie ouers en onderwysers glo steeds dit is te gewaagd om met die jeug oor seksualiteit te praat.

Adolessente se houdings word ook in hedendaagse tye vinniger gevorm as gevolg van die beskikbaar van seksinligting, veral deur die media (Versluis 2003:6). Geen seksualiteitsopvoeding kan tot houdings wat daarop dui dat adollesente meer promisku is (Parrish, Stanard en Cobia 2009:26), lei nie. Die adolessent se houding is meer selfgeldend as in die verlede, maar hy beskik nie noodwendig oor genoeg vaardighede om hul seksualiteit reg te bestuur nie.

Die sosiale omgewing kan ook ’n invloed op emosionele ontwikkeling van adolessent hê. Hulle omgewing verander gedurig en die omgewing stel vereistes aan die adolessent om in te pas (Smieler 2008:18).

Binne die sosiale omgewing kan gesinswaardes beïnvloed word weens die hoë egskeidingsyfer en die groot aantal enkelouers. Stief-familielede veroorsaak dikwels dat daar meer seksuele spanning in hersaamgestelde gesinne is (Zall-Crawford 2001:2118). Gesinswaardes speel dus ’n groot rol in die sosio-opvoedkundige omgewing waarin die adolessent houdings ontwikkel.

Opsommend beteken dit dat tieners hormoonaangedrewe is en die gemeenskap en ander persone moet hulle begelei om selfrespek en -kennis te verwerf. Hormone beïnvloed dus die kognitiewe en emosionele ontwikkeling van die adolessent vanaf ‘n baie vroeë ouderdom.

1.2 Probleemstelling

1.2.1 Agtergrond

Die navorser is al 15 jaar betrokke by die opvoeding van leerders. Sedert die implementering van die nuwe skoolkurrikulum in 2006, bied die navorser Lewensoriëntering vir graadagt tot -tien leerders aan. Seksualiteitopvoeding is ’n verpligte deel van Lewensoriëntering. Leerders kry ook inligting oor voeding, veiligheid, persoonlike higiëne, omgewingsake, seksuele oordraagbare siektes en MIV/vigs. Die kurrikulum bied geleentheid vir gesprekvoering oor hedendaagse invloede waaraan die jeug blootgestel is. Dit sluit gesprekke oor die ouerhuis en veranderende gesagstrukture in (Sabia 2006:783).

As onderwyser het die navorser waargeneem dat seksuele opvoeding al minder die taak van die ouer in die gesin is. ’n Verskeidenheid van sosiale veranderinge, soos die soeke na status en sosiale vooruitgang het die gesinsstruktuur ingrypend verander (Miller 2002:23). Die ouer is nie meer alleen in beheer van die begeleidingsproses

van adolessent nie. Die opvoedingstaak van ouers word deur gevestigde waardes en norme asook kulturele tradisies wat vervang is met geen of veranderde waardes, bemoeilik (Peterson *et al.,* 2005:1233).

Die houdings van ouers kan die ouer-kindverhouding skaad en dit kan lei tot voortdurende konflik wat 'n jong adolessent tot verdere hoë risikogedrag aanspoor. Die opvoeder, sowel as die ouer, is dus verantwoordelik om genoegsame inligting oor seksuele opvoeding aan die adolessent te verskaf. Genoegsame inligting sal help met die korrekte sosiale en kognitiewe ontwikkeling van aanvaarbare houdings teenoor adolessensie. Korrekte en toepaslike inligting sal die adolessent met die korrekte sosiale en kognitiewe ontwikkeling van aanvaarbare houdings in die adolessente jare help.

1.2.2 Probleemstelling

In die lig van die voorafgaande bespreking kan die navorsingsprobleem soos volg uiteengesit word:

Die gesin is die primêre opvoedings- en saamleefsituasie waarin die adolessent se sosiale en kognitiewe ontwikkeling plaasvind. Indien die opvoedkundige en saamleefsituasie nie behoorlik funksioneer nie, kan seksuele losbandigheid en ander verwante verskynsels in die gesinsituasie ontstaan (Zall-Crawford 2001:2118).

Hierdie studie poog om faktore wat kan bydra tot houdings teenoor seksuele losbandigheid te ondersoek, naamlik:

- Kindermolestering
- Sosio-ekonomiese oorsake
- Geweld
- Media
- Gesinsagtergrond
- Puberteit
- Skoolomgewing

Die navorser is van mening dat opvoeding, versorging en koestering deur 'n gesin omstandighede wat die optimale selfaktualisering van die kind bevorder, skep (Te'Neil 2002:74). Die navorser meen verder dat ouers en opvoeders 'n belangrike rol in die adolessente se besluitnemingsproses oor seksuele houdings speel.

1.3 Navorsingsvraag en sekondêre vrae

Die volgende primêre navorsingsvraag kom na vore:

Watter houdings van adolessente seuns gee aanleiding tot seksuele losbandigheid?

Uit die beantwoording van die primêre navorsingsvraag spruit die volgende sekondêre navorsingsvrae:

(Met elke subvraag word die aspekte wat ondersoek word met betrekking tot daardie subvraag uitgelig.)

Subvraag 1

Watter skade word ten opsigte van die kind se sosiale ontwikkeling aangerig indien die adolessent seksueel losbandig optree?

- Ondersoek die houding teenoor seksuele losbandigheid in die steekproef
- Ondersoek die ek-jy-verhouding van kind en die ouer
- Kommunikasie tussen kind en ouer
- Selfaktualisering van die adolessent

Subvraag 2

Watter handelinge deur die ouer spoor die kind aan tot seksuele losbandigheid?

- Ondersoek die opvoedingstyl van die ouers
- Die sosiaal-maatskaplike oriëntering van die adolessent
- Behoeftes in die sosiale omgewing

Subvraag 3

Is daar ouer -voorbeelde wat die kinders tot seksuele losbandigheid aanspoor?

- Ondersoek die gesinsagtergrond
- Ontleed die sosio-ekonomiese omstandighede
- Sosiale milieu waarin ouers die kind grootmaak
- Die bydrae wat die ouer tot selfaktualisering van die adolessent in hulle puberteitstadium maak.

1.4 Navorsingsdoel en doelstellings

In die lig van die voorafgaande bespreking kan die kernnavorsingsdoelstellings soos volg geformuleer word:

Die primêre doel van die navorsing is om die verskynsel en oorsake van houdings wat tot seksuele losbandigheid lei, te beskryf. In die proses om bogenoemde doelwitte te identifiseer, word die volgende ook ondersoek:

- ’n aanduiding van watter eienskappe aanleiding tot opvoedingsfoute en verhoudingsversteurings gee wat seksuele losbandigheid tot gevolg het.
- Die houdings van adolessente ten opsigte van seksuele losbandigheid te bepaal.

‘n Sekondêre doel van hierdie studie is om vas te stel in welke mate norme, wat aanleiding tot losbandigheid gee, verbreek word; asook die noodsaaklikheid van verdere navorsing en opleiding binne die opvoedingstake van ouers, onderwysers en die gemeenskap te beklemtoon om sodoende die geestesverwaarlosing binne gesinne as gevolg van onsedelikheid onder adolessente aan te spreek.

1.5 Navorsingsmetode

Ten einde die doelwit van die studie te bereik, is daar van ‘n literatuurstudie en empiriese navorsing gebruik gemaak om die nodige data te versamel om die navorsing suksesvol uit te voer. In hierdie studie is die kwantitatiewe navorsingsmetode gebruik. Hierdie metode word in hoofstuk 3 bespreek.

1.5.1 Doel van literatuurstudie

De Vos, Strydom en Fouche (2005:31) bepaal dat literatuurstudie vir die volgende redes noodsaaklik is:

- Voorsiening van die agtergrond vir die navorsingprobleem en ook die probleemstelling-, hipotesevorming- en probleemoplossingstudie.
- Motivering vir die noodsaaklikheid van die onderhewige navorsing in terme van die leemtes wat bepaal is.
- Weergawe van resente kennis en navorsers ten opsigte van die navorsinggebied.
- Literatuuranalise om die navorser se bevindinge te ondersteun, of literatuurstudie in konflik daarmee aan die lig te bring.

Die literatuurstudie konsentreer op adolessente seuns se houding teenoor seksuele losbandigheid. Houdings kan in die sosiale omgewing deur ouers en opvoeders

gevorm word. Dit is dus noodsaaklik dat die literatuurstudie die agtergrond van faktore wat seksuele losbandigheid veroorsaak, ook verskaf.

1.4.2 Empiriese ondersoek

Elke navorser is op soek na meer kennis en begrip van die lewe (Mouton 2005:210). Die empiriese ondersoek beoog om ’n oorsigtelike beeld , met verwysing na die navorsingkonteks en die praktiese toepassing van die aspekte wat in die navorsingkonteks bespreek word, daar te stel (Mouton 2005:218).

In die navorsingkonteks word relevante aspekte uit die literatuur bespreek, gevolg deur ’n beskrywing van die wyse waarop die inligting in die onderhewige ondersoek aangewend word (Landman 2008:3).

In hierdie studie is die empiriese ondersoek deur middel van vraelyste gedoen. Die navorsing poog dus om kennis en begrip van die adolessent se houding ten opsigte van seksuele losbandigheid te bekom.

Die vraelyste is aan 149 adolessente seuns in een sekondêre skool gegee. ‘n Metode van doelbewuste seleksie is gebruik om die skool te kies. Die seuns is ewekansig gekies uit verskillende grade vanaf graad agt tot twaalf. Om te verseker dat elke adolessente seun al die vrae kan beantwoord, is daar eers aan ‘n paar seuns ‘n vraelys gegee om te voltooi. Na die voortoets is daar ‘n paar wysigings aangebring voor die hoofondersoekfase waar die res van die skool se seuns betrokke was.

Figuur 1 bied ‘n oorsig van die verloop van die empiriese ondersoek, en beklemtoon twee fases en stappe wat daarna volg.

Figuur 1.1: Empiriese ondersoek



Die volgende verloop van die empiriese ondersoek word dus in figuur 1 aangetoon:

- Voorondersoekfase:

  In hierdie fase is die behoefte van die studie deur middel van 30 vraelyste bepaal, is aandag aan die formulering van ’n navorsingprobleem asook moontlike oplossings om die probleem aan te spreek, geskenk. ’n Voortoets is dus met ’n gestruktureerde vraelys gedoen. Daar was egter ‘n paar vrae wat gewysig is om dit vir leerders verstaanbaar te maak.

- Hoofondersoekfase:

  In die hoofondersoek is aandag aan die samestelling van ’n navorsingontwerp, die seleksie van ’n steekproef en die invul van ’n gewysigde vraelys soos bepaal in die voortoets, geskenk. Die steekproef sluit 149 seuns vanaf graad agt tot twaalf in. Die bondel steekproefmetode word in hoofstuk 3 bespreek.

- Data-analise

  Analise en kwantitatiewe verifikasie van navorsingsdata, asook ’n beskrywing van resultate, bevindinge en gevolgtrekkings maak ’n integrale deel van die hoofondersoek uit. In hierdie studie is die resultate kwantitatief in subskale en meervoudige regressies ontleed. Die data is ook met biografiese inligting oor die steekproef van adolessente gestaaf.

- Resultate

  ‘n Afsonderlike meervoudige regressie-analisie vir elk van die drie subskale, waarby dieselfde onafhanklike veranderlikes (voorspeller-veranderlikes) as invoer gebruik is, is uitgevoer. ‘n Subskaal word dus respektiewelik as die afhanklike veranderlike van die regressie beskou.

  As regressie-metode is voorwaartse seleksie gebruik. Voorwaartse regressie lewer as finale model ‘n regressievergelyking waarby alle veranderlikes betekenisvol bydra tot die voorspelling van die betrokke subskaal. In hoofstuk 4 word die finale modelle getoon dus die betrokke betekenisvolle veranderlikes.

  Resultate word deur middel van die interpretasie van die koëffisiënte gedoen.

1.5 Sleutelbegrippe gedefinieer

1.5.1 Seksuele losbandigheid

Die term beteken om sonder waardes (onsedelik) te lewe (Guilamo-Ramos, Jaccard en Dittus 2008:1).

'n Adolessent wat sedeloos lewe, lewe volgens geen waardesisteem nie. So 'n persoon se gewoontes en gedrag word nie deur die gemeenskap as normaal beskou nie. Hulle gedrag is in stryd met aanvaarde sedes, waardes en gebruike van 'n bepaalde groep (Goodson, Buhi en Dunsmore 2006:31).

Die term losbandigheid word in die morele sin gebruik as 'n persoon onsedelik lewe. 'n Persoon met 'n losbandige leefstyl het 'n gebrek aan sedelike kodes. Sedes is gewoontes en gedrag wat deur 'n bepaalde gemeenskap as normaal aanvaar word. Onsedelikheid is in stryd met goeie waardes, is immoreel en onkuis (Parrish, Stanard en Cobia 2009:26). Onsedelikheid kan dus tot seksuele losbandigheid lei.

1.5.2 Adolessensie

'n Seun se puberteisperiode gaan gepaard met 'n lang tydperk van emosionele onstabiliteit as gevolg van hormonale veranderinge. Dit word adolessensie genoem. Die tydperk van adolessensie strek van puberteit tot by volwassenheid (Marcell 2007:376).

In dié studie fokus die navorser op adolessente seuns van die ouderom 14 tot 18 jaar. Adolessente gedrag vanaf die ouderdom 14 word meestal deur die ontdekkingsfase op sosiale gebied sowel as kognitiewe denkprosesse gekenmerk (Te'Neil 2002:73).

Hierdie ontdekkingsfase in die sosiale ontwikkeling kan 'n tyd van risikogedrag wees, maar hoef nie altyd afbrekend te wees nie. Adolessensie kan ook normale, gesonde ontdekkende gedrag insluit (Dietrich 2003:57). Hoërisikogedrag het die potensiaal om positief of negatief te wees. 'n Adolessent wat hoërisiko-gedrag ondersoek, kan in stuasies van onbeskermde seks, tienerswangerskappe, dwelm- en drankmisbruik, onderprestasie op skoolgebied en vroeë skoolverlating beland.

Ouers het n groot invloed op die adolessente fase. Tydens adolessensie beleef die adolessent dikwels dat hulle ouers nie hulle behoeftes verstaan nie. Sommige ouers is van mening dat adolessente nie raad en leiding vanaf hulle as ouers wil aanvaar nie. Die situasie dra by tot die vrees dat ouers en adolessente nie hierdie fase reg sal hanteer nie.

Adolessensie is dus ’n moeilike en komplekse tydperk vir ouer en kind. Tydens adolessensie word houdings teenoor waardes en norme gevorm. Sosiale en kognitiewe ontwikkeling vind plaas.

1.5.3 Houdings teenoor seksuele losbandigheid

Volgens Escobar-Chaves (2008:180) is Suid- Afrikaanse adolessente toenemend betrokke by seksuele aktiwiteite. Die massamedia kan’n effek hê op adolessente se houdings ten opsigte van gesondheidsrisiko’s, geweld, eetversteurings, rook en alkoholmisbruik. Die mediaveroorsaak moontlik die verbreking van norme wat seksuele aktiwiteite verhoog (Lenhart 2007:27).

Navorsing toon dat seksueel aktiewe adolessente op ‘n baie jong ouderdom ’n hoë risiko van depressie en selfmoord toon (Internet World Stats 2006). Vroeë seksuele aktiwiteite word met potensiële gevaarlike gesondheidshoudings wat byvoorbeeld veroorsaak word deur die gebruik van dwelms, geassosieer.

Baie faktore kan ’n adolessent se houding teenoor geslag, ras, armoede, dwelms, groepsdruk en ouerskapstyl beïnvloed. Hierdie houdings kan aanleding tot die oortreding van norme gee.

Die potensiaal van die media om houdings van adolessente te beïnvloed, word deur Bandura se model ondersteun. Die invloed van die media lei tot die blootstelling aan seksuele materiaal. Die blootstelling word in hoofstuk twee oor die adolessent se bespreek. Houdings word binne die portuurgroep gevorm en word aan die adolessent oorgedra. Hierdie seksuele houdings word dan deur die adolessent gevolg (Bandura 2002:153).

Bandura se sosiale leermodel beklemtoon dat sekere houdings ten opsigte van seksuele gedrag deur byvoorbeeld die blootstelling aan die media bepaal kan word. Die media is nie altyd ‘n goeie bron van korrekte optrede nie (Bandura 2002:153). ’n Adolessent se houding bepaal dus sy besluitneming in die sosiale omgewing.

1.6 Uitleg van studie

Die inligting in hierdie ondersoek is deurlopend met die praktyk geïntegreer en die inligting moet as ’n geheel beskou word.

In hoofstuk **een** word die inleiding en agtergrond tot die probleem verskaf en die behoefte aan die navorsingvraag, wat tot die formulering van die navorsingsvraag

gelei het, gestel. Vervolgens word die algemene doelstellings van die studie bespreek, en ten slotte die navorsingsmetodes en ondersoek verduidelik.

Hoofstuk **twee** is die teoretiese raamwerk vir seksuele losbandigheid na aanleiding van die literatuurstudie. Komponente soos die oorsake van seksuele losbandigheid gevolg deur die die tien sosio-opvoedkundige essensies om ’n adolessent te vergesel tot volwassewording, geniet aandag.

Hoofstuk **drie** handel oor die ontwerp van die empiriese ondersoek. Die navorsingsontwerp word hersien om die relevante metodologie vir hierdie navorsingstudie te bepaal. Daar word spesifiek na die kwantitatiewe navorsingsmetode gekyk. Daar word ook op die populasie, die steekproef en die data-insamelingmetode gefokus. Die doel vir die data-insameling, asook die data-ontledingsmetode wat gebruik is, word bespreek.

Hoofstuk **vier** bevat die ontleding en interpretsie van die data wat uit die empiriese ondersoek verkry is.

In hoofstuk **vyf** word die inligting wat uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek verkry is, gebruik om sekere aanbevelings en gevolgtrekkings te formuleer.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE AGTERGROND VAN SEKSUELE LOSBANDIGHEID

2.1 Inleiding en agtergrond

In hierdie studie word die houdings van adolessente ten opsigte van seksuele losbandigheid bespreek. Guilamo-Ramos(2008:1) definieer seksuele losbandigheid as die lewe met min of sonder waardes (onsedelikheid) .

Hieruit kan afgelei word dat ‘n adolessent wat sedeloos lewe geen waardesisteem het nie. So ’n persoon se houding word in sy gedrag weerspieël en word nie deur die gemeenskap as normaal beskou nie. Die adolessent se houding is in stryd met aanvaarde sedes, waardes en gebruike van ’n bepaalde sosiale groep (Goodson, Buhi en Dunsmore 2006:31).

Losbandigheid word in die morele sin gebruik wanneer ’n persoon onsedelik lewe. ’n Adolessent met ’n losbandige leefstyl het ’n gebrek aan sedelike kodes. Sedes is gewoontes en gedrag wat deur ’n bepaalde gemeenskap as normaal beskou word. Onsedelikheid is in stryd met goeie waardes, immoreel en onkuis (Parrish, Stanard en Cobia 2009:26). Onsedelikheid kan dus tot losbandigheid lei.

2.1.1 Opvoeder se invloed op adolessente se houdings

Dit is problematies om seksuele losbandigheid te omskryf en daarom word daar na verskillende soorte losbandige leefwyses waaraan kinders blootgestel word, verwys. Die opvoeder moet bewus wees van die versoekinge en sosio-ekonomiese probleme wat aanleiding tot seksuele losbandigheid kan gee.

Die opvoeder moet streef na meer kennis om die kind se opvoedingsproses suksesvol te verstaan. Die natuurlike toerusting van die opvoeder, enersyds sy intuïtiewe aanvoeling vir wat reg en verkeerd is, of goed of sleg is, en andersyds sy liefde vir die kind, stel hom of haar in staat om sonder kennis van die opvoedkunde tog ’n sukses te maak (Bandura 2002:121).

Die opvoeder kan ook opvoedingsfoute begaan (Carr 2006:56), wat aanleiding tot losbandigheid kan gee, oor die boeg van die volgende faktore waarmee nie rekening gehou is nie, gooi:

- Die primêre behoeftes van die kind.
- Die natuurlike psigies-geestelike ontwikkelingsvlak van die kind.
- Die verkeerde opvoedingshouding en -handelinge van ouers.

2.1.2 Verband tussen opvoeding en sosio-opvoedkunde

Volgens Guilamo-Ramas (2008:1) is die kind se opvoeding ‘n moeilike taak. Omdat niemand volmaak is nie, is dit natuurlik dat die opvoeders en ouers foute maak. Daar word dikwels gefouteer weens onverskilligheid of weens onkunde. Opvoedingsfoute en verhoudingsversteuringe in die gesinsituasie en sosiale omgewing kan tot losbandige gedrag lei. Sekere invloede, soos die media, kan ook aanleiding tot seksuele losbandige gedrag gee.

Die vorming van die sosiale lewe as deel van ‘n adolessent se opvoeding is baie belangrik (Peterson *et al*., 2005:1235). Dit is dus belangrik om te verstaan watter moontlike faktore veroorsaak dat jong adolessente seksueel losbandige gedrag toon.

Die opvoedingsdoel van sosio-opvoedkunde is om ’n verantwoordelike kind, wat sinvol as volwassene deel kan wees van die sosiale lewe, te begelei (Wolhuter 2009:2).

Opvoeding leer die adolessent van die beweeglikheid in die samelewing en sy sosiale verwerking van veranderinge in die samelewing (Fabrizio 2012). Die adolessent moet ten einde alle uiteenlopende sosiale situasies wat in die samelewing ontstaan, kan hanteer (Peterson *et al*., 2005:1237).

Dit is dus van belang dat die adolessent wat nie hierdie situasies in die sosiale omgewing kan hanteer nie, dalk houdings wat tot wangedrag lei, kan vorm.

2.2 Psigologiese perspektiewe

Sigmund Freud, Piaget en Louw beklemtoon die impak van seksuele gedrag op die psigologiese funksionering van die individu. Hul teorië oor die adolessent beklemtoon die vinnige liggaamlike ontwikkeling wat tot innerlike konflik en emosionele en fisiologiese behoeftes kan lei. Adolessensie is ‘n fase van kognitiewe, sosiale en persoonlikheidontwikkeling.

Om die verband tussen die adolessent se ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling te beklemtoon, word die volgende teorië bespreek.

2.2.1 Freud se psigoanalitiese teorie

Die adolessent word as ‘n krisis, gemanifesteer in die psigoseksuele ontwikkeling, deur Freud (1953-1794) se psigoanalitiese teorie beskryf. Freud is van mening dat seksuele rypwording die ego met soveel angs bedreig. Die adolessent verdedig hierdie angs as ‘n opstandigheid teen ouers in die soeke na ‘n eie identiteit (Ivey A etal.,2008:116). Opstandigheid lei tot losbandige gedrag.

2.2.2 Piaget se kognitiewe benadering

Volgens Piaget (1977) bereik adolessente ‘n vlak van formele denke oor stellings wat nie aan konkrete voorwerpe gekoppel word nie, byvoorbeeld persoonlike waardes, die bestaan van God, ensovoorts. In die kognitiewe benadering word daar tussen verskeie kenmerke van formeel-operasionele denke tydens adolessensie onderskei, naamlik abstrakte denke, denke oor die werklike teenoor die moontlike, wetenskaplike denke (onder andere kombinatoriese denke). Louw (1990) is van mening dat formele denke belangrik is vir die ontwikkeling van die adolessent. Die adolessent word ook bewus van inkonsekwenthede tussen waardes van ouers en hul werklike gedrag.

Tydens adolessensie word die individu toenemend bewus van homself(Ivey et al.,2008:407). Die adolessent begin onderskei hoe dinge is en kon wees. Dit kan aanleiding tot gemoedskommelinge wat wissel van geluk tot ontevredenheid gee.

2.2.3 Louw (1990) se omskrywing van adolessensie

Louw (1990) beskryf adolessensie as ‘n fase van egosentrisme wat formele operasionele denke beperk. Egosentriese denke lei tot die skep van denkbeeldige gehoor. Die denkbeeldige gehoor maak die adolessent bewus van intense behoeftes aan privaatheid, skaamte en intense selfbewustheid (Bronfenbrenner 2006). Tydens adolessensie vermeerder die kognitiewe vermoë. Dit het tot gevolg dat die adolessent bewus raak van die druk van die portuurgroep.

Morele waardes ontwikkel tydens adolessensie. Morele onrypheid by die adolessent kan voortbestaan as gevolg van kognitiewe beperkings. Dit kan tot gevoelens van minderwaardigheid en vrees teenoor volwassenses lei (Taylor et al., 2006) DIt kan ‘n vertrekopunt vir sedelose gedrag wees.

2.3 Paradigma perspektief

’n Paradigma is ’n versameling veronderstellings of oortuigings van fundamentele aspekte van realiteit wat wêreldwyd voorkom (Nieuwenhuis, 2007). Hierdie veronderstellings hou verband met die navorser se ondersoek in die realiteit, die verhouding in die ondersoek, die rol van waardes en die proses van die navorsing self. Hierdie studie word vanuit die sosiale ontwikkelingsparadigma onderneem. Hierdie paradigma word in die volgende paragraaf bespreek.

2.3.1 Die sosiale ontwikkelingsparadigma

Navorsers wat binne die sosiale ontwikkelingsparadigma werk, glo dat mense se sosiale ontwikkeling ’n proses is waar menslike energie en aktiwiteite gebruik word om beter resultate in die lewe te bereik (Wilson 2007:330). Navorsers glo navorsers

kan verstaan dat dit deel is van die menslike meganisme om kennis beter te organiseer vir die bereiking van die individu se sosiale doelwitte.

Hierdie paradigma help die navorser om die geskikte metodes en strategieë te gebruik wat die navorsingontwerp ondersteun.
In hierdie studie word gefokus op die menslike meganisme en die individu se strewe na sosiale doelwitte. Die studie fokus ook op die faktore in die sosiale omgewing wat houdings en gedrag bepaal.

2.4 Soorte seksuele losbandigheid

Alvorens empiriese data by die leerders ingewin word, is dit belangrik dat verskillende soorte seksuele losbandighede geïdentifiseer word sodat die oorsake daarvan sorgvuldig nagevors kan word.

Volgens Abbey en McAuslan (2004:747) word die volgende soorte seksuele losbandigheid geïdentifiseer:

- Seksuele misdrywe met jeugdigdes:
  Volgens die Wet op Seksuele Misdrywe (32 van 2007) in Suid-Afrika ‘n seksuele misdryf met ’n persoon onder 16 jaar ’n oortreding.. Dit is ’n misdryf om geslagsgemeenskap met ’n persoon van die teenoorgestelde geslag onder die ouderdom van 18 jaar te hê. Die wet is daargestel om die adolessent teen seksuele aktiwiteite met jeugdiges en volwassenes te beskerm (Kann 2011:11).
- Pornografie :
  Enige oudiovisuele mediums wat ’n toeskouer seksueel prikkel, word as pornografie beskou. Pornografie word beskou as erotiese gedrag wat deur prente en leesstof met die doel om persone seksueel op te werk, veroorsaak word. Enige verbode materiaal soos naakfoto’s, kan lei tot vinnige sensasionele prikkelbaarheid van emosies. Dit word as pornografie beskou. Die blootstelling hiervan is nie goed vir die jong adolessent nie (Escobar-Chaves 2008:180) . Die gereelde gebruik van pornografie lei tot seksuele prikkeling en het meer permissiewe en sedelose gedrag (Jacobse 2012) tot gevolg.
  Pornografiese materiaal word dikwels by adolessente aangetref. In die puberteitsfase is sommige seuns nuuskierig oor enige seksueel-prikkelende media. Die blootstelling aan pornografiese materiaal kan tot onrealistiese verwagtinge in geslagsverhoudings lei. Dit kan prikkelend op kinders inwerk en aanleiding gee tot nuuskierigheid vir vroeë eksperimentering met geslagsgemeenskap (Stella 2006:60). Eksperimentering met geslagsgemeenskap is ‘n aanduiding van losbandige gedrag.

- Promiskuïteit:
  Veelvuldige seksmaats en losbandige gedrag sonder seleksie van ‘n maat word as promisku gesien. Hierdie gedrag deur adolessent is ‘n aanduiding tot losbandige geslagtelike verkeer. Weisfeld en Woodward (2004:17) assosieer seksuele bedrywighede in die adolessente fase met die volgende strukture:
    - Manlike en vroulike swart adolessente is seksueel meer bedrywig as blanke adolessente.
    - Adolessente uit ’n lae sosiale klas kan dalk ’n hoër risiko gedragspatroon in seksuele misdrywe as dié van adolessente uit die middelklas toon.
    - Adolessente in stedelike gebiede toon ’n hoër syfer van seksuele misdrywe.

- Groepverkragting:
  Groepverkragting word deur ’n groep beplan en is baie gewelddadig. Dit word ook beskryf as die wederregtelike en opsetlike geslagsgemeenskap met ’n man of vrou sonder enige toestemming (Bezuidenhout 2006:74).

- Homoseksualiteit:
  Die voorkeur van ‘n seksmaat van dieselfde geslag (Bezuidenhout 2006:75).

- *Crimen Injuria*:
  Opsetlike aantasting van die waardigheid en privaatheid van ’n ander persoon deur woorde of handelinge. Die slagoffer word deur die handelinge verneder.
  Verkeerde handelinge kan die jong adolessent tot seksueel losbandige gedrag dryf (Peterson *et al*., 2005:1236).
  Die volgende is wyses waarop ’n persoon se waardigheid aangetas word:
    - die stuur of vertoon van pornografiese materiaal aan ’n kind
    - onsedelike gebare aan ’n kind
    - ontbloting van ’n kind se liggaam
    - ontbloting van liggaamsdele voor ’n ander persoon.

- Openbare onsedelikheid:
  Jeugdiges mag nie in die openbaar seksuele aktiwiteite beoefen nie. Sulke aktiwiteite sal opsetlik die sedes van die publiek aantas en die publiek se sin vir welvoeglikheid skok. Openbare onsedelikheid is nie net onsedelike dade van ’n persoon in die openbaar nie, maar ook die vertoning van obsene materiaal. Onsedelike dade is nie net beperk tot die openbaar nie, maar sluit ook die dade wat vanuit ‘n openbare plek of straat waargeneem kan word in. (Dietrich 2003:55).

- Bloedskande:
  Dit is die wederregtelike en opsetlike geslagsgemeenskap tussen ’n man en ’n vrou wat nie met mekaar mag trou nie omdat hulle aan mekaar verwant is. Die verwantskap wat hier van toepassing is, is deur die gemenereg bepaal en sluit in bepaalde grade van bloedverwantskap, aanverwantskap, of verwantskap as gevolg van aanneming. Bloedskande word meestal deur vaders en dogters gepleeg, maar dit kan ook voorkom tussen ’n ma en ’n seun, of tussen ’n broer en suster (Bezuidenhout 2006: 97).

- Verkragting:
  Verkragting is seksuele omgang met ’n persoon teen sy/haar wil.
  (Bezuidenhout 2006: 91).

2.5 Faktore wat aanleiding tot seksuele losbandigheid gee

Jong adolessente word aan versoekinge en sosio-ekonomiese probleme blootgestel. (Guilamo-Ramas 2008:15). Navorsing toon baie konseptuele raamwerke wat probleemgedrag van adolessente ondersoek.

Pinkleton en Austin (2009:478) onderskei drie fases tydens adolessensie ten einde probleemgedrag te verstaan:

- Die kind in die aanvangsadolessente fase - Die kind vra: “Wat is besig om met my te gebeur?”
- Adolessensie se tussenfase - “Ek is amper groot, maar ek het so baie onbeantwoorde vrae.”
- Adolessensie in die volwasse fase - “Wie is ek, en wat is my doel hier op aarde?”

Probleemgedrag wat aanleiding kan gee tot seksuele losbandigheid sluit dus die vreemde gedrag en onbeantwoorde vrae van die adolessent in.

Die volgende oorsake word ondersoek om te bepaal of dit bydraend tot seksuele losbandigheid kan wees.

2.5.1 Kindermolestering

Volgens Kroger (2003:205) word beweer dat leerders wat ’n geskiedenis van verkragting en fisieke mishandeling het, hulself na seksuele losbandigheid dryf. Die rede hiervoor is dat die kind wat seksueel gemolesteer is, nog nooit enige liefde, stabiliteit of vertroue ervaar het nie. Sulke kinders vind dit moeilik om korrekte

gedrag in hul sosiale omgewing te openbaar. Hulle soeke na vertroue kan lei tot vele seksuele verhoudings.
Persone verantwoordelik vir sulke gedrag kom uit disfunksionerende gesinne. Die ouer misluk om basiese behoeftes, naamlik vertroeteling en veiligheid, aan die kind te voorsien (Moore 2001: 134).

Koue, afsydige ouers wat ’n kind blootstel aan mishandeling, kan ’n adolessent dryf na alkohol en dwelmmisbruik wat aanleiding tot seksuele wandade (Sorensen en Hill 2004:140) kan gee.

2.5.2 Sosio-ekonomiese oorsake

Armoede, werkloosheid, siektes, swak behuising, ’n groter as gemiddelde gesin, ’n nuwe baba in die gesin, ’n gestremde familielid en die dood van familielede kan meebring dat gesinne onder geweldige sosiale stres moet funksioneer (Lohman 2008:723). Bogenoemde sosio-ekonomiese invloede kan dikwels met vroeë seksuele aktiwiteite by die adolessent geassosieer word. Dit kan wees as gevolg van die impak van swak lewensverwagtinge of onbeantwoorde behoeftes en emosionele vervulling(Mayeux 2008:53).
Baie adolessente maak hulself gereed vir die beroepslewe wat ’n inkomste verskaf, maar sommige is vasgevang in die siklus van armoede. Die tekort aan geleenthede in die lewe kan ’n adolessent aanspoor tot seksuele aktiwiteite om sodoende genot vir ’n kort tydperk te geniet (Peterson *et al,.* 2005:1236). Seksuele losbandigheid is juis die gevolg van ‘n tekort aan geleenthede van ‘n adolessent wat nie by die waardes van die gemeenskap aanpas nie. .

Sosiale klas binne ’n bepaalde gemeenskap kan daartoe bydra dat ’n adolessent ’n goeie selfkonsep en ’n bepaalde sosiale identiteit vorm. ’n Adolessent met ’n swak selfbeeld kan waarksynlik hom of haar teen kulturele waardes en norme verset wat makliker aanleiding kan gee tot risikogedrag (Guilamo-Ramos *et al*., 2005:16). Seksuele losbandigheid is juis gedrag in stryd met ‘n bepaalde gemeenskap se gewoontes en houdings.

2.5.3 Geweld

Baie kinders leer gewelddadige optredes van hulle ouers tydens hul kinderjare aan. Dit veroorsaak dat gewelddadige optredes van een geslag na ’n volgende geslag oorgedra word (Sneed, Strachman en Nguyen 2009:41).

Volgens Maughan (2008) kan sommige kinders wat aan mishandeling en geweld blootgestel word, soortgelyke gedrag aanleer as gevolg van die voorbeeld wat ouers

vir hul kinders stel. Die gedrag van die vaderlike figuur het ’n groot invloed op die jong adolessent.Geweld en aggressie kom voor onder alle sosio-ekonomiese groepe, alle rasse en etniese groepe. Aggressie wat ontstaan as gevolg van dwelm- en alkoholmisbruik is dikwels die oorsaak van verkragting en kriminele geweld (Ponton 2002:657).

Seksuele losbandigheid is die gevolg van die afbreek van norme en waardes. Die adolessent in gewelddadige omstandighede ontvang geen dissipline of kontrole van die opvoeder nie. Die opvoeder se voorbeeld word aan die adolessent oorgedra. Die adolessent beleef ‘n angs van nie-genoegsaamheid in gewelddadige huislike omstandighede. Die resultaat van sulke gevoelens is die ontvlugting van verantwoordelikhede wat losbandige gedrag tot gevolg het

2.5.4 Seksuele stimulasie in die media

Daar word beweer dat onbeheerde blootstelling aan seksuele stimulasie in tydskrifte en televisieprogramme, wat ’n adolessent se ouderdom oorskry, dikwels kinders se nuuskierigheid stimuleer (Pinkleton *et al*., 2008).

Die media, veral televisie en sosiale netwerke (*Facebook* en *Twitter*), kan ’n invloed op die sosiale opvoeding van die adolessent hê, omdat soveel tyd hieraan spandeer word. Volgens Escobar-Chaves (2008:180) is die televisie en selfoon die medium waarmee die jeug homself besig hou.

In die adolessente fase is die kind meer blootgestel en ontvanklik om sekere gedrag na te volg. Omdat daar so baie seksuele beelde in die media verskyn, word die kind oortuig dat so ‘n lewenstyl aanvaarbaar is (Stella 2006:233).

Die probleem is dat die media nie altyd seksuele losbandigheid as onsedelike gedrag oordra nie (Austin,Chen en Grube 2006:379). Verder kan die adolessent hierdie uitbeeldings as werklikheid en aanvaarbare gedrag sien.

In figuur 2.1 word die invloed wat die media op ’n adolessent se seksuele ontwikkeling het, in Bandura se model uitgewys (2002:153).

Figuur 2.1 Invloed van die media



Volgens bogenoemde model word die adolessent aan seksuele gedrag via die media blootgestel. Die adolessent en sy portuurgroep vorm dan bepaalde persepsies wat aanleiding tot die ontstaan van seksuele verhoudings kan gee.

Hul persepsies kan aanleding gee tot:

- hul houdings teenoor seksuele verhoudings

- die adolessent se bereidwilligheid om betrokke te raak by seksuele bedrywighede.

Omdat die media kan bydra tot die oordra van swak waardes en immorele leefstyle , moet die elektroniese media se invloed op die adolessent se leefstyl nie onderskat word nie (Schmidt 2008:63). ‘n Gesonde leefstyl sal inpas by die bepaalde gemeenskap en nie in stryd wees met aanvaardes sedes en norme nie:

- Gesondheid en veiligheid

Schmidt (2008:63) is besorg oor die invloed van oorgewig, geweld, dwelms, ensovoorts, op die gedrag van die adolessent. Omdat die adolessent al hoe meer televisie kyk, word daar minder tyd aan fisiese aktiwiteite spandeer wat kan tot oorgewig adolessente kan lei. Sekere televisieprogramme en -speletjies kan ook ’n negatiewe invloed op adolessente se gedrag hê wat gewelddadigheid kan aanwakker. Schmidt beweer dat die media verder die fisiese gesondheid van die adolessent bëinvloed. Die moontlike gebruik van elektroniese toestelle kan siektes en beserings, soos byvoorbeeld kanker, aanwakker. Aandagafleibaarheid kan ook deur oormatige blootstelling aan elektroniese toestelle vermeerder (Lenhart 2007: 26).

- Sosiale ontwikkeling

Toegang tot selfone en die internet vergemaklik kommunikasie met vreemde persone. Verhoudings met vreemde persone word so versterk. Negatiewe uitkomste van die internet kan aanleiding tot afknouery gee. Persone word aan elektroniese afknouery op selfone en sosiale netwerke blootgestel. Hierdie boodskappe sluit die verspreiding van dreigboodskappe en gerugte, asook persoonlike aanvalle en afstootlike foto’s in(Schmidt 2008:66). Sodoende word die adolessent die prooi van wreedaards deur sosiale netwerke. Die veiligheid van adolessente word dus deur onbekende persone bedreig.

- Opvoeding

Ouers is verantwoordelik vir die veilige blootstelling van elektroniese mediums soos die vrye toegang van internet op rekenaars of selfone. Ouers moet ook bewus wees van inligting wat by skole deur selfoongebruikers beskikbaar is (Gouws, Burger en Kruger 2008:36).

Die evolusie van elektroniese data het groot veranderinge in die wyse waarop die adolessent kommunikeer, leer en dink, gebring. Dit het veroorsaak dat die media ’n positiewe en ’n negatiewe invloed op die fundamentele aktiwiteite van die jong adolessent het.

Seksuele stimulasie in die media is een van die faktore wat moontlike seksuele losbandige gedrag tot gevolg het. Die media kan losbandige waardes en gebruike aan die adolessent oodra (Gouws *et al* 2008:34). Jong adolessente word blootgestel aan verskeie gevare wat losbandige houdings kan vorm:

- *MXit strem die* die adolessent se sosiale ontwikkeling. Tieners spandeer ure met hulle selfone en gesels elektronies met vreemde persone. Ouers is nie vertroud met die taalgebruik van *MXit* en verstaan nie die eintlike boodskappe wat tieners vir mekaar stuur nie.
- Herhaaldelike blootstelling aan gewelddadige rolprente, waartydens die helde met geweld wegkom, hou verband met agressie tydens die kinderfase; veral indien gesaghebende persone, wat na aan die kind is, ook die geweld in die rolprent aanvaar en dit geniet.
- *Facebook* en *Twitter* is die ideale geleentheid waar tieners foto's van hulself in sosiale omstandighede kan plaas. Dit stel hulle bloot aan onbekende gevaarlike persone wat hulle kan volg.
- Adolessente maak staat op elektroniese mediums om nuus, vermaak asook opvoedingsinligting aan hulle te voorsien. Die adolessent oorskat die waarde hiervan.

2.5.5 Gesinsagtergrond

Ouers se gedrag moet van so 'n aard wees dat die voorbeeld van die ouer die adolessent sal begelei tot verantwoordelike gedrag. Adolessente eksperimenteer en boots rolmodelle na en 'n swak voorbeeld van ouers kan nadelig gevolge vir 'n adolessent se gedrag inhou. Ouers moet streef na suksesvolle opvoeding waarbinne 'n adolessent gedissiplineer word en waar kontrole oor sy gedrag uitgeoefen word. Losbandige gedrag ontstaan by die gebrek aan sedelike kodes.

Die afgelope paar dekades is die gesinslewe wêreldwyd aan veranderinge op indrustriële, tegnologiese en ekonomiese gebied uitgelewer. Die gevolg hiervan het 'n invloed op die sosiale ontwikkeling van die kind gehad (Smit, Guthrie en Oakley 2005:376). Enkel en hersaamgestelde gesinne kan 'n kind se gedragspatrone in die sosiale omgewing bepaal.'n Gevolg van hersaamgestelde gesinne kan die wisseling van opvoeders wees en dit kan verwarring by die adolessent veroorsaak wat dissipline probleme tot gevolg kan hê.
Vanweë ouers se besige werkskedules (veral die afwesigheid van die moeder in die huis), word die opvoedingstaak van die ouer bemoeilik (Chen 2007:1221). Die adolessent is meestal alleen by die huis en moet sy storm- en-drang-jare alleen hanteer. Ander gevolge, soos seksuele uitbuiting, kan ook plaasvind wanneer

adolessente in die sorg van ander famililede of vriende gelaat word (Lee, Salman en Fitzpatrick 2009:55).

Sorensen (2004:140) beweer dat adolessente afkomstig uit enkelouer-huise dikwels gedragsprobleme openbaar en veral by skole gereeld vir dissiplinêre probleme aangespreek moet word.
Adolessente word in sommige huise aan die gebruik vandrank en dwelms deur ouers blootgestel . Redes kan insluit: verligting van stres en hoofpyn of bloot om meer energiek te wees (Austin 2006:380). Adolessente kan hierdie gedrag naboots om hul eie stres te hanteer (Meier 2003:1030).

2.5.6 Puberteit en adolessensie

Puberteit en adolessensie gaan met vinnige liggaamlike en genetiese ontwikkeling, wat tot innnerlike konflik oor emosionele en fisiologiese behoeftes kan lei, gepaard. Puberteit bring groot veranderinge, wat gepaard gaan met wisselvallige hormoonafskeidings, mee (Hartell 2005:172). Wisselende testosteroonvlakke veroorsaak aggressie, ongeduld, impulsiewe besluitneming en frustasie by die adolessente. Hierdie veranderinge in emosionele ontwikkeling is onbekend vir die kind. Die adolessente kan die emosionele onstabiliteit van bogenoemde emosies verbind met negatiwiteit, groot onsekerhede en ’n behoefte om hul onsekerhede met iemand te deel; asook ’n hunkering na liefde (Brown 2007:27).

Tydens adolessensie vind die vaslegging van seksualiteit plaas (Gouws 2008:170). By seuns ontwaak seksualiteit spontaan en word daar in ‘n groter mate op seksorgane gefokus. Adolessensie word deur fisiologiese veranderinge en die bewustheid daarvan gekenmerk. Vir gesonde identiteitsvorming is dit belangrik dat die adolessent sy eie liggaam aanvaar (Herkov 2012). Aanvaarding van sy eie liggaam kan beteken dat die adolessent met veelvoudige seksuele verhoudings eksperimenteer. Dit is ‘n aanduiding van losbandige gedrag buite die aanvaarde norme van die gemeenskap.

Adolessente se vriende is in hierdie jare baie belangrik en die verkeerde portuurgroep kan lei tot uitspattighede en eksperimentering met verkeerde praktyke soos dwelms, tatoeëring en pornografie (Mayeux 2008: 49).

2.5.7 Skoolomgewing

Die skoolomgewing kan ook die adolessent se gedrag bëinvloed.
Luthar (2003:1581) ontleed die skoolomgewing soos volg:

Eerstens bepaal die skool ’n struktuur van waardes en norme wat algemeen aanvaar word. Hierdie struktuur is verantwoordelik vir sosiaal aanvaarbare gedrag en houdings van die adolessent. As die norm van die skool is dat almal universiteit toe gaan, sal die adolessent dit aanvaar. Dit is dan egter ook waar dat as die meeste adolessente seksuele aktiwiteite beoefen, adolessente ook maklik daarby sal inval.

Tweedens sal die skool se omgewing- en gemeenskaphoudings die gedrag van adolessente bepaal. Die sosiale en ekonomiese status van die leerders se ouers dien as ’n voorbeeld vir die adolessent. Indien die ouers ’n sukses van hul lewens gemaak het, sal die jong adolessent ook daarna streef . Ouers wat swak gedrag openbaar ten opsigte van drankgebruik, is slegte rolmodelle vir hul kinders.

Daar word beweer dat hoe hoër die vlak van opvoeding is, hoe laer is die gevalle van voorhuwelikse seks vir beide manlike en vroulike adolessente (Brenda 2008). Die adolessent wat goed presteer op skool en waar die familie prestasie baie hoog ag, beplan vir die toekoms. Al hierdie eienskappe kan bydra om seksuele aktiwiteite te verminder. Adolessente wat ’n eensame houding openbaar, kan meer vatbaar vir risikogedrag wees (Dietrich 2003:56).

2.6 Die sosio-opvoedkunige essensies by die opvoeding en sosiale lewe van ’n adolessent.

Opvoedingsverwaarlosing en ontoereikende opvoedingskommunikasie het tot gevolg dat adolessente nie binne gesinsverbande kan leer hoe om met mense te kommunikeer en te sosialiseer nie (Moore 2001:15).

Goodson, Buhi en Dunsmore (2006:317) beweer dat ’n adolessent toereikend met hulle familielede of portuurgroep moet kan sosialiseer sodat hulle die geleentheid kan gebruik om sosiale vaardighede aan te leer. Adolessente soek deurgaans na erkenning en aanvaarding deur hul medemens. Swak gesinsverhoudings veroorsaak dat die adolessent swak verhoudings en ’n swak sosiale gewete ontwikkel. Die adolessent se verhouding is oppervlakkig en dit ontbreek aan empatiese meelewing Dit kan veroorsaak dat adolessente nie in staat is om hulle plek volwaardig in die samelewing in te neem nie (Pinkleton 2009:462).

Die volgende tien essensies is noodsaaklik vir die opvoeding van ’n verantwoordelike adolessent.

2.6.1 Ek-jy-verhouding

Die basis van alle sosiale lewe, asook opvoeding, is die ek-jy-verhouding. Hierdie verhouding word beskryf as affektiewe kommuniksasie tussen mense om mekaar beter te leer ken. (Eisenberg, Sieving en Beatinger 2006:894).

Volgens Marcell (2007:317) word die ek-jy-verhouding aan die intimiteitsmotief van die individu gekoppel. Dit is die behoefte aan intieme verhoudings wat liefde, warmte en oop kommunikasie insluit.

Liefde, persoonswarmte en koestering van die ek-jy-verhouding kan by adolessente ontbreek. Die grondvoorwaarde vir die voortbestaan van die kind is sy veiligheidsgevoel. Die ouer moet die volgende belangrik ag om ’n toereikende ek-jy-verhouding daar te stel (Miller 2002:23).

- Liefdevolle verbondenheid

  Die adolessent moet liefde en aanvaarding binne die huisgesin ervaar. Dit sluit ook die verhouding tussen die opvoeder en adolessent in.

- Affektiewe ek-jy -binding

  Die adolessent is bewus van sy eie identeit en bewus van sy plek in die sosiale omgewing.

- Persoonlike liefdesbetrekking

  Die adolessent het ‘n behoefte na selfverheffing, onafhanklikheid en positiwiteit. Dit vestig ‘n selfstandigheid in die adolessent se aanvaarding van homself.

- Aanvullende kindere-ouerliefde

  Ouers versterk die adolessent se behoefte na ontwikkeling. Wedersydse liefde dra by tot die gevoel van gebondenheid.

Indien bogenoemde afwesig is, kan die kind sosiaal onverantwoordelik in sy soeke na liefde en aanvaarding optree. Te veel soeke na liefde en positiewe verhoudings kan seksuele wangedrag aanwakker (Guilamo-Ramas 2008:15).

Dit is dus belangrik dat die ek-jy-verhouding nie by die ontwikkeling van ’n adolessent mag ontbreek nie.

2.6.2 Opvoedingstyl

Hierdie studie poog om te bepaal of daar ’n verband tussen seksuele losbandigheid en die opvoedingstyl van ouers is.

Opvoeding deur ouers moet ’n doelbewuste en doelgerigte bemoeienis van ’n volwassene om ’n kind geestelik selfstandig te maak, wees. Die toepassing van effektiewe dissipline kan ’n positiewe bydrae tot aanvaarbare gedrag lewer (Peterson *et al.*, 2005:1245).

Die opvoedingstyl moet dus betekenisvol wees en help om volwassewording te bereik.

Peterson *et al.* (2005) getuig dat ouers wat die regte opvoedingstyl beoefen die volgende as resultate bereik:

- ’n goeie opvoedingsverhouding tussen ouer en kind
- geen teenstrydige opvoedingsmetodes nie
- geen neerhalende en afbrekende opvoedingmetodes nie
- geen verwaarlosing van die kind nie

Elke ouer het ’n sekere ouerskapstyl wat deur ’n wyse van kommunikasie gekenmerk word. Die meeste ouers is totaal onbewus van hul ouerskapstyl en die invloed daarvan op hulle kinders.

Volgens Sneed (2009:37) is die drie algemeenste ouerskapstyle die volgende :

- Outoritêre styl
- Permissiewe styl
- Demokratiese styl

Die outoritêre styl is baie populêr by groot gedeeltes van alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Dié styl word deur ouers wat op hulle mag en gesag staatmaak, gebruik. Die ouers verwag dat die kinders onderdanig moet wees, nie dinge bevraagteken nie en presies moet maak soos hulle sê (Sneed 2008:37). Hierdie styl kan die kind minderwaardig, ontoereikend en skaam laat voel en dit maak hulle gespanne en afhanklik van ander mense. In die adolessente fase kan ’n kind wantrouig, uitdagend en aggressief optree of in opstand kom. Opstandige gedrag kan aanleiding tot eksperimentering van onaanvaarbare aktiwiteite gee.

Die permissiewe styl word gekenmerk deur die ouer wat die kind toelaat om te doen wat hy wil. Die ouer neem geen besluite namens die kind nie en laat hom alle

besluite self neem. Hierdie styl laat die kind liefdeloos voel en lei tot gevoelens van onsekerheid en onveiligheid. Adolessente wat blootgestel is aan hierdie opvoedingstyl aanvaar moeilik gesag van gesagsdraers. Selfsugtigheid en geen waardering vir ander mense kan ook ’n gevolg wees. ’n Adolessent wat hierdie gedrag teenoor die gemeenskap toon, word as losbandig geag.

Die demokratiese styl word gekenmerk deur ouers wat poog om die kind se denke, gevoelens en gedrag te verstaan en te aanvaar. ’n Kind word aanvaar deur die ouers ten spyte van al sy tekortkominge (Sneed 2006:40). Hierdie ouer kommunikeer die probleme met sy kind indien straf uitgedeel moet word. Die ouer maak moeite om na die kind te luister en gesels saam met die kind om probleme op te los. Die kind word selfstandigheid en verantwoordelikheid geleer. So word ’n positiewe selfbeeld vir die kind ontwikkel wat bydra tot geleenthede van kreatiewe probleemoplossing. ’n Adolessent word vir sy volwassewording met kommunikasie, wedersydse respek en aanvaarding toegerus.

Die opvoeding van die ouer moet dus ’n oop kanaal wees wat deur die adolessent aanvaar word. Ondersteunende opvoeding is aanvaarbaar binne ‘n gemeenskap se raamwerk van sedes en dit verseker die die adolessent se aanvaarbare gedrag.

2.6.3 Kommunikasie

Die mens het ’n behoefte aan kommunikasie en kan nie daarsonder lewe nie. ’n Ouer moet kan kommunikeer alvorens hy in staat is om sy kind op te voed. Slegs as die ouer en kind in ’n ek-jy-verhouding tot mekaar staan, sal kommunikasie moontlik wees (Miller 2002:22). Opvoeding is dus ’n voortdurende gesprek met die kind.

Smith, Guthrie en Oakley (2005) ag interpersoonlike kommunikasie noodsaaklik vir ‘n geslaagde opvoeding. Navorsing van Goodson (2006:311) toon dat die adolessent ouerlike kommunikasie baie belangrik ag. Dit het ’n groot invloed op die adolessent se besluitnemingsproses en verwerking van negatiewe gevoelens (Te’Neil 2002:74).

2.6.4 Sosiale lewe

Sosiale lewe bestaan uit ’n werkbare ooreenkoms tussen die sosiale waardes van die gemeeskap en die ontvanklikheid van die adolessent om die waardes te respekteer en te aanvaar (Zall-Crawford 2001:2118). Adolessente in hierdie omstandighede toon positiewe sedelike gedrag.

Bandura (2002:143) toon dat die familiesamestelling en -struktuur ’n baie beduidende invloed op die seksuele gedrag van ’n adolessent het. Die meeste adolessente sal hulle ouers se waardes en leefstyl navolg, maar daar sal wel adolessente wees wat nie met hul ouers se seksuele waardes saamstem nie. Sosiale

transformasies van die gesin soos ongetroude ouers, egskeiding, dood en hersaamgestelde gesinne kan adolessente se gedrag negatief beïnvloed

Sosialisering behels ’n lewenslange sosiale leerproses waarvolgens die individu geleer word om aktief betrokke te wees by die sosiale werking van die samelewing (Sorensen 2004:140).

Sosialisering sluit ook die oordrag van tradisies, waardes, sosiaal-aanvaarbare gedragswyses, rolverwagtinge en morele standaarde van die bepaalde samelewing aan ’n kind in (Miller 2002:23). Die ouer moet die kind positief beïnvloed sodat positiewe houdings teenoor sy medemens kan ontwilkkel. Die ouer moet ook ’n sosiale gewete by die kind kweek wat kan verhoed dat die kind se blootstelling aan sosiale verhoudings nie tot seksuele losbandigheid lei nie (Guilamo-Ramos 2008).

Seksuele losbandigheid is ’n vorm van mislukte sosialisering. Die kind word aan negatiewe samelewingsinvloede blootgestel en ouers faal om hulle voor te berei om die negatiewe invloede korrek te hanteer. (Smith *et al*., 2005: 365).

Die ouer moet dus verantwoording vir die oordrag van kennis oor waardes aanvaar sodat die kind sosiale vaardighede vir ’n positiewe sosiale gewete kan ontwikkel. Indien die proses van sosialisering skeefgeloop het, kan die kind nie normaal funksioneer in die sosialiseringsproses nie (Moore 2001:156). Die gevolg kan dus losbandige gedrag wees.

2.6.5 Identiteit en selfkonsep

Penhollow (2008:330) beskryf identiteit as interpersoonlike verhoudings wat in die sosiale omgewing gevorm word. Dit is noodsaaklik vir ’n onversteurde identiteitsontplooiing. ’n Kind se identiteit word onbewustelik in die sosiale proses ontwikkel. Die individu se identiteit ontwikkel ook in die waardes en gedragspatrone van die sosiale omgewing.

Ook rolmodelle verskaf ’n identiteit aan die kind (Pinkleton 2009:468). Die kind kan homself dus met ’n rolmodel identifiseer. Indien die adolessent met ’n rolmodel identifiseer, kan die persoon die adolessent positief beïnvloed.

Selfpersepsie het, volgens Miller (2002:23), ’n belangrike invloed op die individu se gedrag. ’n Persoon se selfkonsep behels hoofsaaklik wat ’n mens beleef en hoe hy of sy dit beleef. Tydens adolessensie kan ’n positiewe selfkonsep tot selfrespek, selfwaarde en selfaanvaarding lei.

Penholow (2004:330) definieer selfkonsep as kognitiewe- en gedragsaspekte om die selfkonsep effektief te evalueer. Alhoewel navorsing toon dat ’n goeie selfkonsep

een van die karaktereienskappe is wat seksuele losbandigheid kan verhoed, is familiewaardes en -houdings net so belangrik (Miller 2002:25).

Selfkennis, selfvertroue, prestasie en liggaamlike voorkoms speel ook ’n rol by die selfkonsep (Grobbelaar 2004:88). Ouers is verantwoordelik om kinders te prys vir hul dade sodat ’n kind ’n goeie selfkonsep kan ontwikkel.

’n Negatiewe selfkonsep is volgens Grobbelaar ook sinoniem met minderwaardigheid, selfhaat en gebrek aan gevoelens van persoonlike waarde en selfaanvaarding (Te’Neil 2002:74).

In die adolessente jare met sy hormoonveranderinge kan die kind geneig wees tot ’n lae selfkonsep as gevolg van liggaamlike veranderinge en gemoedskommelinge (Thomas 2005:125). Die veranderinge kan ook moeilik aanvaar word en kan aanleiding tot uitspattige gedrag en eksperimentering gee (Young en Donnelly 2004). Die oorsprong van seksuele losbandigheid kan dikwels hieruit voortvloei.

2.6.6 Selfaktualisering

Elke kind moet die behoefte om hul moontlikhede te verwesenlik, wil hê. Dit behels die doelbewuste pogings van ’n kind om sy potensiële moontlikhede van die self te laat realiseer (Guilamo-Ramas 2008). Selfaktualisering behels die strewe van ’n kind na selfverheffing, onafhanklikheid, positiwiteit en emansipasie.

Volgens Frisco (2008:210) kan ouers hulle kind tot suksesvolle selfaktualisering lei:

- Kry die kind betrokke by opvoedkundige take. Die afwesigheid van ouers moedig nie betrokkendheid aan nie (Smith *at al*., 2005). Betrokkenheid bied ‘n gevoel van veiligheid aan die adolessente.
- Ouers moet in die basiese behoeftes van hul kind voorsien. Alvorens dit nie geskied nie, kan die kind nie sy behoefte aan selfaktualisering vervul nie. Die afwesige ouer kan veroorsaak dat die basiese behoeftes van ’n kind, soos liefde en veiligheid, ontbreek (Moore 2001:19).
- Bewerkstellig kommunikasie met die medemens .
- Verwerklik die gunstige selfdinamiek van die kind.

Indien die ouer die adolessent help met selfaktualisering, sal die ouer-kind - verhouding versterk en sal die adolessent nie die behoefte na losbandige gedrag ontwikkel nie.

2.6.7 Sosiaal-maatskaplike oriëntering

Gedurende ’n kind se adolessente fase is dit belangrik dat die kind bygestaan word om sy plek in sosiale situasies, pligte, regte en verantwoordelikhede in die breë samelewing te verstaan (Goodson *et al.* 2006:311).

Marcell (2007:312) beklemtoon die belangrikheid van die adolessente jare vir ’n kind omdat:

- selfstandigheid gevorm word;
- die sosiale rol aangeleer word;
- eksperimentering met sosiale pligte aangemoedig word;
- die volwasse lewe toereikend betree moet word en
- sosiale evaluering op grond van die kind se aangeleerde waardes en norme gedoen moet word.

Sosiaal maatskaplike oriëntering berus op die positiewe inskakeling in die samelewing. Dit vereis bekwaamhede en bereidheid vir die kind om homself tot ’n intimiteitsgroep te oriënteer (Peterson *et al.*, 2005:1233).

2.6.8 Behoeftevervulling in sosiale verband

’n Adolessent se vervulling van al sy menslike behoeftes lei tot selfaktualisering. Ouers moet sorg dat veral die sosiale behoefte van ’n kind vervul word. Liefde, aanvaarding, versorging en om aan ’n gesin te behoort, speel ’n beduidende rol in die optrede van ’n adolessent (Guilamo-Ramas 2008:15).

Indien ’n kind ’n leemte ondervind as gevolg van veiligheids- en sosiale behoeftes waarna nie omgesien is nie, kan die jong adolessent die leemte met swak afwykende gedrag, wat tot seksuele losbandigheid kan lei, probeer vul (Peterson *et al.*, 2005:1233).

Alle behoeftes van die kind hou dus met mekaar verband en vorm’n sosiale milieu.

2.7 Samevatting

Seksuele losbandigheid is ’n komplekse probleem wat die kinders, hulle gesinne, die skool, die portuurgroep en die gemeenskap raak. Seksuele losbandigheid hou sosio-opvoedkunige implikasies in wat nie deur ouers of die onderwys geïgnoreer kan word nie.

Seksuele losbandigheid is ’n verskynsel wat bly toeneem en die mate wat kinders daarby betrokke is, is skokkend. Figuur 2.2 bied ’n sistematiese voorstelling van

Lohman (2008:723) se risikofaktore wat aanleiding tot die vroeë blootstelling van adolessente aan seksuele gedrag gee, naamlik :

- adolessente se houdings en gedrag
- skoolomgewing
- gemeenskap
- familiefaktore

Beskermde faktore sluit in :

- skool mikrosisteem
- akademiese verwagtinge
- akademiese prestasies
- Erkenning in die skool wat die adolessent van hoë risiko- gedrag weerhou.

Familie mikro- sisteme soos die volgende kan ook hoë risiko-gedrag beperk:

- beheer vanaf ouers
- familieroetines en
- ouer-kindverhouding

Figuur 2.2 Risiko faktore wat vroeë seksuele gedrag kan veroorsaak.



In die volgende hoofstuk word daar op die navorsingsontwerp en die metodologie wat in die navorsingsprojek ontplooi is, bespreek.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGRAAMWERK

3.1 Inleiding

In die vorige twee hoofstukke is daar deur middel van ’n literatuuroorsig gekonsentreer op betekenisvolle aspekte wat die houdings met betrekking tot seksuele gedrag van adolessente seuns beïnvloed.

In hierdie hoofstuk word die navorsingontwerp en –metode wat gebruik is om data te versamel, die regverdiging vir die gebruik van hierdie metodes, asook hoe die data ontleed en geïnterpreteer is, uiteengesit. Die navorsingontwerp en –metode word gekombineer om tot aanvaarbare antwoorde op die navorsingvrae te lei.

3.2 Navorsingontwerp

’n Navorsingontwerp is ’n plan van die wyse waarop daar beoog word om die navorsing uit te voer (Mouton 2005). Die doel van die navorsingontwerp is volgens De Vos (2005:111) om antwoorde op navorsingvrae te vind.

Die navorsingsontwerp van hierdie studie bestaan uit twee dele. Eerstens is ‘n literatuurstudie gedoen om ‘n oorsig oor die adolessent se seksuele- en kognitiewe ontwikkeling te verskaf. Die doel van die literatuurstudie is om ook die verband tussen adolessente se houdings en seksuele losbandige gedrag te bepaal.

Tweedens is ‘n empiriese ondersoek gedoen om inligting in te samel oor houdings van adolessente seuns ten op sigte van losbandige gedrag. Data is deur middel van ‘n vraelys ingesamel om die betroubaarheid en geldigheid van die navorsing te versterk. Die ontleding van hierdie data het die navorser gehelp om gevolgtrekkings en aanbevelings oor die navorsingsontwerp te maak.

3.3 Navorsingmetodes

3.3.1 Navorsingtegniek

Onder die opskrif word die navorsingintrumente wat vir die uitvoering van die empiriese navorsing gebruik is, uiteengesit.

In hierdie studie is van die volgende navorsingsintrumente gebruik gemaak:

- ‘n Vraelys aan 30 leerders by ‘n selekteerde sekondêre skool in die Gauteng-omgewing. Hierdie vraelys sal dien as ‘n voortoets.
- ‘n Gewysigde vraelys aan 149 leerders by dieselfde sekondêre skool. Hierdie vraelys dien as die hooftoets.

- ‘n Meegaande dekbrief is aan die department van onderwys, betrokke skool en ouers gestuur.

- Twee subskale om te bepaal wat houdings teenoor seksuele losbandigheid te meet: Losbandigheidskaal met drie subskale en ‘n konformitieitskaal. Die doel van die gebruik van twee skale is om te kyk of die twee skale met mekaar korreleer. Die losbandigheidskaal dui op die verbreking van norms en konformiteit op die navolging van norme.

- Die Kaiser-Meyer-Olkin toets (Sien Tabel 3.4) is gebruik om die akkuraatheid van die steekproef te meet.

3.3.2 Navorsingmetodes

Die navorser maak gebruik van die kwantitatiewe benadering wat pas by die keuse van die paradigma. ’n Paradigma is ’n versameling veronderstellings of oortuigings van fundamentele aspekte van realiteit, wat dui op ’n verskynsel wat wêreldwyd voorkom (Frankenkel en Wallen 2006:201). Hierdie veronderstellings hou verband met dit wat die navorser ondersoek in die realiteit, die verhouding met dit wat die navorser ondersoek, die rol van waardes, en die proses van die navorsing self. Die navorser het gewerk vanuit die sosiale ontwikkelings paradigma.

Navorsers wat werk met die sosiale ontwikkelings paradigma glo dat mense se sosiale ontwikkeling ’n proses is waar menslike energie en aktiwiteite gebruik word om beter resultate in die lewe te bereik (Wilson 2007:330). Navorsers glo dat hulle kan verstaan dat dit deel is van die menslike meganisme om kennis beter te organiseer vir die bereiking van die individu se sosiale doelwitte.

Mouton (2005:159) beskryf die kwantitatiewe benadering breedweg as die benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat formaliseerd sowel as eksplisietgekontroleerd is. Inteendeel met die kwalitatiewe benadering is navorsing meer gekontroleerd, met ’n reikwydte wat meer presies afgebaken is en relatief na aan die natuurwetenskappe geleë is.

Die kwantitatiewe navorser is meer gesteld daarop om hipoteses en verwantskappe vooraf te formuleer en wel op so ’n wyse dit uiteindelik deur navorsingbevindinge te verwerp of verwantskappe te bevestig. Die navorser gebruik gestruktureerde en objektiewe vraelyste.

Volgens De Vos (2005:89) probeer die navorser wat kwalitatief werk, om ’n holistiese kennis op te doen oor die onderwerp. Die navorser benut die veronderstelling van die kwalitatiewe benadering dat waardevolle kennis eerstehands opgedoen kan word deur ’n enkele navorser.

3.4 Steekproef

'n Steekproefneming is die proses waartydens individue uit die populasie van belang gekies word sodat wanneer die steekproef bestudeer word, die resultate geredelik veralgemeen kan word met betrekking tot die populasie waaruit dit gekies is (De Vos 2005:34).

Steekproefbepaling is 'n belangrike determinant in enige vorm van empiriese navorsing omdat gevolgtrekkings wat gemaak word, direk met die steekproef self verband hou. Daar is verskeie metodes wat gebruik kan word om 'n steekproefpopulasie te bepaal, afhangende van die soort empiriese navorsing wat gedoen word.

In hierdie studie vir die voortoets is doelgerigte steekproefneming toegepas op 30 leerders. Die doel van die voortoets was om dalk moontlik die vraelys te wysig indien enige vrae verwarrend voorkom. Die voortoets is uitsluitlik net gebruik om die vrae se struktuur te ondersoek en word nie ingesluit vir die dataverwerking nie.

Vir die hooftoets in hierdie studie is van waarskynlikheid steekproefneming gebruik gemaak omdat daar 'n bestaande raamwerk is vir steekproefpopulasie (Matthews&Ross 2010:200).

Om die steekproef van 149 leerders te bewerkstelling is daar van bondelseleksie-steekproefneming gebruik gemaak. Elke subgroep bestaan uit 30 leerders, behalwe een groep van 29 leerders. Daar is een subgroep in elke graad geselekteer . Die navorser het op hierdie tegniek besluit omdat die populasie uit vyf verskillende grade bestaan. Hierdie groepe word bondels genoem. Die bondels is ewekansig selekteer deur elke graadgroep se indeling in 'n hoed te gooi. Uit elke graadgroep is daar slegs een groep gekies. Vyf groepe is so selekteer.

Vir die doel van hierdie studie sal die navorser Afrikaansprekende seuns tussen die ouderdom van 14 en 18 jaar in 'n skool ondersoek.

3.5 Die vraelys

'n Vraelys word gedefinieer as 'n versameling skriftelike vrae met die doel om inligting van respondente in te win (De Vos, 2005:103). Die soort en afwisseling van die vrae is van kardinale belang omdat dit verband hou met die doel van die vraelys. In die ontwikkeling van 'n vraelys word vier aanvangsaksies geloods:

- verkry duidelikheid oor die rede vir die navorsing;
- bepaal die inligting wat van die respondente benodig word;
- maak 'n lys van die navorsingsvrae, en

- identifiseer demografiese inligting wat benodig word om die navorsingsvrae te beantwoord.

Die saamstel van vrae om data te verkry wat die genoemde vrae sal toelig, is van kardinale belang in die opstel van ’n vraelys. Die lengte van die vraelys moet van so ’n aard wees dat dit genoegsame inligting kan inwin, maar nie so lank dat respondente belangstelling verloor tydens die invul daarvan nie.

Marshall (2004: 150) beveel aan dat daar op die volgende eienskappe van vrae wat gestel word, gekonsentreer moet word:

- Die woordgebruik moet eenvoudig en bekend wees aan die respondente.
- Die vrae mag nie leidend wees nie.
- Die vrae moet op al die respondente van toepassing wees.
- Die vrae mag nie vaag wees nie.
- Die vrae moet so opgestel word dat ’n reponsstyl nie deurgans gevolg kan word nie.

Die navorser behoort te verseker dat die vraelys volledig en finaal is en dat dit uiteindelik sal meet wat dit veronderstel is om te meet. Die probleem wat ondersoek word, moet deeglik geformuleer word. Vrae wat vir die vraelys opgestel word, moet ooreenstem met die probleemformulering, en dit is noodsaaklik om die werklike probleem te onderskei (Fourie 1999:200).

Die navorser het die vraelys eers voorlopig getoets op 30 leerders. Die vraelys is slegs een maal aan die bepaalde groep leerders uitgedeel. By die hooftoets is 149 gewysigde vraelyste gebruik. Vanuit die vraelyste beplan die navorser om die nodige regressief te toets om die onderlinge afhanklikheid van 50 veranderlikes te toon.

Die navorser het die gestruktureerde vraelys aan die hand van die inligting opgestel. Die skoolhoof, leerders en ouers het toestemming verleen vir die navorsing.

Die vraelys wat deur die navorser ontwikkel is, is in Afrikaans opgestel en bestaan uit die volgende:

- die agtergrond van die studie;
- die doel van die studie;
- die manier waarop die inligting gebruik sou word, en
- die instruksies vir die voltooiing van die vorm.

Die eerste deel van die vraelys bestaan uit biografiese inligting van die respondent.

Die hoofdeel van die vraelys bestaan uit ’n samestelling van die vrae wat in die vorige paragrawe genoem is, byvoorbeeld:

Onderwerp	Tipe vrae
Demografiese inligting	Ja en Nee
Houdings teenoor losbandigheid	Pettigrew skaalvrae
Konformiteit	Pettigrew skaalvrae
Media gebruik	Oop vrae

Skaalvrae word gebruik vir die houdings en konformiteit (Nieuwoudt 1975). Die skaalvrae was in vyf kategorieë.

Stem oortuigend saam
Stem saam
Onseker
Stem nie saam nie
Stem glad nie saam nie

Om die betroubaarheid en geldigheid te verseker (vir beheer oor die kontrole van die beantwoording van die vraelys) is die vraelyste aan 149 leerders gegee. ’n Groot hoeveelheid van die inligting wat vir die doel van hierdie navorsing nodig was, is ingewin. (Sien Betroubaarheidsstatistieke Tabel 3.1, 3.3 en 3.4)

3.6 Etiese aspekte

Etiek word volgens De Vos (2005:68) soos volg gedefinieer: “ ’n stel morele beginsels wat deur ’n individu of groep voorgestel en aanvaar word en lê reëls en gedragsverwagtinge neer vir die besluit oor die mees korrekte etiese optrede teenoor proefpersone, werkgewers, borge, ander navorsers, assistente en studente”.

Die volgende etiese aspekte word aangespreek tydens hierdie navorsing.

- Ingeligte toestemming

Volgens De Vos (2005:68) behoort persone wat deelneem aan navorsing deeglik ingelig te wees oor die aard daarvan en moet hul toestemming vrywillig wees. Proefpersone is vooraf deeglik ingelig omtrent die potensiële impak van die ondersoek en toestemming is by elke respondent verkry. Elke kind en ouer is ingelig met ‘n brief. Daar is ook toestemming van die department van onderwys verkry en die betrokke skool.

- Skending van privaatheid

Volgens De Vos (2005:67) is seksuele gedrag en onwettige aktiwiteite twee terreine wat feitlik deur alle mense as privaat beskou en daar kan verwag word van proefpersone dat die navorsers hul privaatheid sal beskerm deur middel van vertroulikheid. Die navorser lê ’n belofte van anonimiteit en vertroulikheid af.

- Optrede van navorser

Daar rus volgens Huysamen (2005:116) ’n etiese verpligting op die navorser om te verseker dat sy bevoeg is om die ondersoek te loods. Die navorser het ’n deeglike teoretiese en praktiese kennisbasis van seksuele losbandigheid en is bevoeg om genoeg navorsing in die verband te doen sonder om emosionele skade aan enige proefpersone aan te rig.

Die waardes, norme en klimaat wat in die gemeenskap heers, moet eers deeglik vooraf bestudeer word. Die bewuswording van elke aspek moet eers op ’n sensitiewe wyse bestudeer word. Die navorser druk nie hul eie waardesisteem op kliënte af nie en weerhou haarself van waardeoordele oor proefpersone se standpunte. Die navorser sien dus elke kind as iemand wat weens bepaalde omstandighede en ’n gebrek aan lewensvaardigheid betrokke geraak het aan sulke gedrag en steeds sy lewe kan verander.

Alle leerders wat deel is van die proses se inligting moet met respek hanteer word. Elke respondent tot die navorsing moet met menslikheid behandel word.

3.7 Vlak van meetbaarheid

Volgens Franenkel (2006:200) is meetbaarheid die proses om abstrakte konsepte in terme van spesifieke indikators in spesifieke reëls na te kom.

Meetbaarheid behels betroubaarheid van die instrumente wat gebruik gaan word. Meetbaarheid behels ook die geldigheid van instumente en metodes gebruik om voldoende resultate te bekom. Betroubaarheidsmaatstawwe vir skale word bereken in ‘n persentasie. Indien die resultaat bo 50 % (0.50) is, word die skaal as betroubaar

beskou (Pettigrew 1958). In die studie word tipiese houdingskale gebruik. Skale is spesifiek opgestel vir hierdie studie en is nie gestandiseer nie aangesien die skale gerig is op die verwerkings binne die steekproef.

Die volgende kwantitatiewe vertroulikheids-analises is deur die navorser gebruik in die houdingskale:

Item	**Betroubaarheidsmaatstaf**
Losbandigheidskaal	Alpha (Cronbach) Die skaal word aangedui in tabel 3.1 Die resultaat is 42% (0.42). Die skaal se resultaat was nie betroubaar genoeg, daarvolgens is 'n faktoranalise gedoen.'n Faktoranalise groepeer resultate in bondels/ trosse. Grafiek 3.1 toon duidelik drie bondels wat uitstaan bo die res van data. Die faktoranalise het dus die data duidelik hergroepeer vir verdere ontleding.
Konformiteitskaal	Alpha (Cronbach) Die skaal word aangedui in tabel 3.5 Die resultaat is 67,9% (0,679). Die resultaat is aanvaarbaar en dui op betroubaarheid van die konformiteitskaal. Geen faktoranalise is nodig om verdere betroubaarheid van die skaal te verklaar nie.
Steekproefgrootte	Meervoudige regressie is gebruik om veranderlikes te voorspel. In die opsommende regressiemodelle (Bylaag 3, Tabel 4.48 en 4.4.9) bepaal die regressiewaarde die aantal veranderlikes wat in die regressievergelyking gebruik word, sowel as die steekproefgrootte.

	Die regressie waarde is 0.606 vir subskaal L1. Dit beteken dat uit die 149 vraelyse 60% van die totale variansie verklaar kon word met regressie (Hair et al. :1998) . Die steekproefgrootte is voldoende om veranderlikes te verklaar.

3.8 Geldigheid en betroubaarheid

Alle navorsers streef dat hul navorsing moet geldig wees: met ander woorde, dat dit oor geldigheid moet beskik. Geldigheid beteken dat dit op feite gebaseer moet wees (De Vos 2005:340). Geldigheid verwys na twee konsepte, naamlik interne geldigheid en eksterne geldigheid. Eksterne geldigheid is die mate waartoe resultate met betrekking tot populasies, situasies en toestande veralgemeen kan word. Interne geldigheid is die metode waartoe resultate akkuraat en met sekerheid geïntrepeteer kan word.

Interne geldigheid is in ’n groot mate ’n voorvereiste vir eksterne geldigheid, want indien die resultate nie akkuraat geïntrepeteer kan word nie, is dit onmoontlik om dit te veralgemeen.

Wanneer die geldigheid van navorsing bespreek word, is dit ook nodig om ’n verwante konsep te bespreek, naamlik betroubaarheid. Betroubaarheid verwys na die konsekwentheid van die navorsing en die mate waartoe studies gedupliseer kan word (De Vos 2001:344). Daar word tussen interne en eksterne betroubaarheid onderskei. Eksterne betroubaarheid handel daaroor of onafhanklike navorsers studies in dieselfde omgewings kan dupliseer of nie. Interne betroubaarheid verwys na die mate waartoe dataversameling, -ontleding en –interpretering konsekwent is, gegewe dieselfde toestande.

Meestal is die doel met meervoudige regressie om ‘n vergelyking te kry waarmee daar voorspel kan word wat die waarde van die afhanklike veranderlike vir ‘n bepaalde stel waardes van die onafhanklike veranderlike sal wees. In hierdie navorsing was dit nie die geval nie, maar is daar gefokus om verwantskappe of afhanklikheids-patrone tussen die afhanklike veranderlike en die onafhanklike veranderlikes na te speur (Hair et al 1998:159).

In eersgenoemde geval word daar meer waarde aan die betroubaarheid van die koëffisiënte geheg en sal daar strenger na die verhouding van aantal waarnemings/aantal veranderlikes gekyk word. As ‘n algemene reël word hierdie

verhouding gewoonlik op 5 tot 1 gestel, maar vir die doel van eksplorerende regressie is die verhouding van 3 tot 1 heeltemal aanvaarbaar – veral as die steekproef as verteenwoordigend beskou kan word.

Betroubaarheid is noodsaaklik vir geldigheid. Dit is belangrik om betroubaarheid en geldigheid te integreer om die kwaliteit van die meting te verhoog (De Vos 2005:250). Geldigheid en betroubaarheid bepaal die geloofwaardigheid van die navorsing.

3.9 Metode van dataverwerking

Data-verwerking is ’n gespesialiseerde aspek van navorsing. De Vos (2005:38) sien data-ontleding as ’n proses van:

- Die identifisering van temas en patrone:
- Die ordening van data
- Assessering van die geldigheid van data, en
- Die verfyning van patrone en interpretasie.

In die navorsing is gebruik gemaak van gerekenariseerde data-ontleding nadat die data gekategoriseer en getabelleer is. Die data is met MS excel program verwerk. Elke individu se vraelys is ingelees. Daarna is daar kodes aan die respondent se antwoorde gegee.

Die rekenaar verwerk dan die sodanige data om die gemiddeld, modus, standaardafwyking en sekere regressies te bepaal. Alle sirkeldiagramme en lyngrafieke is ook met die rekenaarprogram getrek.

Die volgende stappe is in die beskrywing, ontleding en interpretering van die ingesamelde data gevolg:

Stap 1: Biografiese data

Vir die voorstelling van die biografiese data in sirkel diagramme en histogramme , is die data van die eerste 29 vrae van die vraelys gebruik. Biografiese data is belangrik in hierdie studie omdat die sosiale omgewing moontlik die houdings van adolessente teenoor seksuele losbandigheid bepaal. Die twee skale in die studie fokus op die verbreking van norms in die sosiale omgewing.

Stap 2: Losbandigheidskaal

Die navorsingsvraag se doel is om houdings wat aanleiding tot seksuele losbandigheid by adolessente gee te identifiseer. Om hierdie rede is ‘n losbandigheidskaal en subskale ontwerp. Daar is daar 20 vrae gestruktureer in die vraelys en kodering van A1 tot A20 is gebruik om die houdings van leerders te toets

teenoor losbandige gedrag. Pettigrew se skaal is gebruik om houdings teenoor sekere stellings te toets (Pettigrew 2008).

Om die betroubaarheidsmaatstaf vir die losbandigheid skaal te bereken is van die negatiewe items na die positief omgeskakel en word aangedui met ’n “P” na die itemnommer. Hoe groter die telling, hoe meer losbandig.

Ten einde ’n analise van die data betroubaar weer te gee, is daar met Cronbach (Tabel 3.1) bereken dat 0,424 vir die totale skaal van 20 items nie goed genoeg was nie. Die navorser het ondersoek of potensiële subskale nie moontlik ’n beter betroulikheidskaal sou meebring nie.

Tabel 3.1 Betroubaarheidstatistieke

Cronbach's Alpha	Cronbach's Alpha Based Gestandardiseerde Items	N
.388	.424	20

Tabel 3.2 Itemstatistieke

	Gemiddeld	Std. Afwyking	N
A1	3.34	1.024	149
A2p	1.48	.874	149
A3p	2.19	1.362	149
A4	3.21	1.467	149
A5	2.46	1.486	149
A6p	2.86	1.538	149
A7p	2.29	1.420	149
A8p	2.69	1.479	149
A9	2.07	1.225	149
A10	2.56	1.392	149
A11	3.12	1.559	149
A12	3.88	1.594	149
A13p	1.66	.997	149
A14p	1.93	1.247	149
A15p	2.48	1.491	149
A16	3.39	1.554	149
A17	2.85	1.238	149
A18p	3.00	1.284	149
A19p	2.23	1.269	149
A20p	1.51	.963	149

Stap3 : Subskale deur faktoranalise

Om die veranderinge in items van die losbandigheidskaal te identifiseer, word deur ’n faktorontleding of ’n trosontleding op die veranderinge gedoen. Die korrelasiematriks van die 20 items van die “losbandigheidskaal” word hieronder in Tabel 3.3 gegee.

Tabel 3.3 Korrelasiematriks van losbandigheidskaal

	A1	A2	A3	A4	A5	A6p	A7p	A8p	A9	A10	A11	A12	A13p	A14p	A15p	A16	A17	A18p	A19p
A1	1.00	0.13	-0.02	0.07	0.28	-0.10	-0.09	-0.05	0.41	0.04	0.10	0.31	-0.21	0.08	0.31	0.02	0.26	-0.09	0.14
A2p	0.13	1.00	0.16	-0.03	0.13		A1	A2p	A3p	0.14	0.01	0.07	-0.13	0.00	0.08	-0.09	-0.13	0.16	0.18
A3p	-0.02	0.16	1.00	0.10	0.10	0.08	0.35	-0.26	-0.07	0.41	0.22	0.23	0.20	0.01	0.16	0.00	0.05	0.08	0.09
A4	0.07	-0.03	0.10	1.00	-0.03	0.43	-0.11	-0.38	0.29	-0.11	-0.22	-0.06	-0.18	0.24	-0.13	0.07	0.11	0.11	0.17
A5	0.28	0.13	0.10	-0.03	1.00	-0.05	-0.25	0.06	0.08	-0.02	0.21	0.23	0.01	-0.06	0.01	-0.02	0.24	-0.17	0.02
A6p	-0.10	-0.11	0.08	0.43	-0.05	1.00	0.14	-0.45	0.11	-0.23	-0.32	-0.19	0.10	0.27	-0.32	-0.01	0.11	0.20	0.34
A7p	-0.09	0.15	0.35	-0.11	-0.25	0.14	1.00	-0.33	0.12	0.25	0.11	-0.28	0.33	0.14	-0.18	0.18	-0.18	0.05	-0.02
A8p	-0.05	-0.17	-0.26	-0.38	0.06	-0.45	-0.33	1.00	-0.11	-0.10	0.10	-0.10	-0.16	-0.26	0.22	-0.18	0.05	-0.31	-0.44
A9	0.41	0.07	-0.07	0.29	0.08	0.11	0.12	-0.11	1.00	-0.03	-0.18	-0.26	-0.19	0.30	-0.02	0.09	-0.06	0.18	0.12
A10	0.04	0.14	0.41	-0.11	-0.02	-0.23	0.25	-0.10	-0.03	1.00	0.37	0.34	0.18	-0.17	0.40	0.10	0.08	0.09	0.00
A11	0.10	0.01	0.22	-0.22	0.21	-0.32	0.11	0.10	-0.18	0.37	1.00	0.21	0.12	-0.35	0.21	-0.09	0.12	-0.39	-0.29
A12	0.31	0.07	0.23	-0.06	0.23	-0.19	-0.28	-0.10	-0.26	0.34	0.21	1.00	0.09	-0.22	0.47	-0.10	0.36	-0.15	0.10
A13p	-0.21	-0.13	0.20	-0.18	0.01	0.10	0.33	-0.16	-0.19	0.18	0.12	0.09	1.00	0.02	-0.30	-0.02	0.03	-0.08	-0.12
A14p	0.08	0.00	0.01	0.24	-0.06	0.27	0.14	-0.26	0.30	-0.17	-0.35	-0.22	0.02	1.00	-0.08	0.12	-0.07	0.43	0.37
A15p	0.31	0.08	0.16	-0.13	0.01	-0.32	-0.18	0.22	-0.02	0.40	0.21	0.47	-0.30	-0.08	1.00	0.01	0.14	0.06	0.00
A16	0.02	-0.09	0.00	0.07	-0.02	-0.01	0.18	-0.18	0.09	0.10	-0.09	-0.10	-0.02	0.12	0.01	1.00	0.09	0.00	0.21
A17	0.26	-0.13	0.05	0.11	0.24	0.11	-0.18	0.05	-0.06	0.08	0.12	0.36	0.03	-0.07	0.14	0.09	1.00	-0.25	0.09
A18p	-0.09	0.16	0.08	0.11	-0.17	0.20	0.05	-0.31	0.18	0.09	-0.39	-0.15	-0.08	0.43	0.06	0.00	-0.25	1.00	0.48
A19p	0.14	0.18	0.09	0.17	0.02	0.34	-0.02	-0.44	0.12	0.00	-0.29	0.10	-0.12	0.37	0.00	0.21	0.09	0.48	1.00
A20p	0.24	0.01	0.09	0.07	0.00	0.09	0.14	0.08	0.14	0.00	0.15	0.11	0.15	0.06	0.15	-0.19	0.14	-0.18	-0.08

Stap 4 : Meting van Steekproef

5.2 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie was om die houdings van adolessente seuns teenoor seksuele losbandigheid te identifiseer. Verder het die studie dit ook ten doel om die oorsake van seksuele losbandigheid in die sosio- opvoedkundige omgewing te ondersoek.

5.3 Bevindings

5.3.1 Literatuurstudie

Die doel van ’n literatuurstudie is om die houdings en die oorsake van seksuele losbandigheid te identifiseer. In die literatuurstudie is daar gelet op die versoekinge en sosio-ekonomiese probleme in die omgewing wat moontlik aanleiding kon gee tot losbandige gedrag en houdings van adolessente seuns. In die literatuurstudie is die invloed van kindermolestering, sosio-ekonomiese omstandighede, geweld, media, gesinsagtergrond, puberteit en die skoolomgewing ondersoek.

5.3.2 Empiriese navorsing

Die literatuurstudie het as grondslag vir die navorsingontwerp van die empiriese studie gedien. ’n Vraelys is as navorsingmetode gebruik om te bepaal wat seksuele losbandigheid by die adolessent veroorsaak. Hierdie navorsing is ’n kwantitatiewe studie met die doel om die volgende primêre en sekondêre navorsingvrae te beantwoord:

5.3.2.1 Primêre navorsingsvraag

Watter faktore gee aanleiding tot adolessente se houdings teenoor seksuele losbandigheid?

5.3.2.2 Sekondêre navorsingsvrae

Subvraag 1

Watter skade word ten opsigte van die kind se sosiale ontwikkeling aangerig indien die adolessent seksueel losbandig optree?

- Ondersoek wat is die houding teenoor seksuele losbandigheid in die steekproef
- Ondersoek die ek-jy-verhouding van kind en die ouer
- Kommunikasie tussen kind en ouer
- Selfaktualisering van die adolescent

Subvraag 2

Watter handelinge deur die ouer, spoor die kind aan tot seksuele losbandigheid?

- Ondersoek die opvoedingstyl van die ouers
- Die sosiaal-maatskaplike oriëntering van die adolessent
- Behoeftes in die sosiale omgewing

Subvraag 3

Is daar ouerlike voorbeelde wat hul kinders aanspoor tot seksuele losbandigheid?

- Ondersoek die gesinsagtergrond
- Ontleed die sosio-ekonomiese omstandighede
- Sosiale milieu waarin ouers die kind grootmaak
- Die bydrae wat die ouer maak tot sefaktualisering van die adolessent in hul puberteitstadium.

Die doel van die navorsing het daartoe gelei dat daar tydens die ontleding van die data aandag aan die volgende sake geskenk is:

- In Hoofstuk 1 is aangetoon dat die media baie seksinligting beskikbaar stel. Die media is ’n faktor wat die houdings van adolessente kan beïnvloed. In die navorsingsdata- ontleding is daar gelet op watter tipe media die adolessent aan blootgestel is.
- Adolessensie is ’n nuuskierige fase wat gepaard gaan met negatiewe asook positiewe gedrag. Die navorsingdata is gebruik om te bepaal watter houdings konformiteit bepaal. Konformiteit behels die handawing van waardes.
- Die jong adolessente word blootgestel aan versoekinge en sosio-ekonomiese probleme. In Hoofstuk 2 word die konseptuele raamwerk van losbandige

houdings ondersoek. Tydens die data-ontleding is daar van ’n losbandigheidskaal en konformiteitskaal gebruik gemaak om die vlak van losbandigheid te bepaal.

- Tydens die studie met in agneming van die sewe faktore wat aanleiding gee tot seksuele losbandigheid is, gelet op die volgende:
    - Invloed van die media
    - Ouerskapstyl van die ouers
    - Kerkbywoning
    - Eensaamheid
    - Gebondenheid aan huisreëls
    - Invloed van maats

Om die vraelyste te ontleed, het die navorser van ’n rekenaarprogram gebruik gemaak. Die bevindings uit die biografiese inligting was die volgende:

- Die meerderheid van respondent se ouers is nie geskei nie.
- Die respondente het goeie verhoudings met hul ouers.
- Daar was respondente wat op die eensaamheiskaal aangedui het op ’n mate van eensaamheid.
- Meeste respondente woon een maal per week kerk by.
- Die meeste repondente spandeer baie ure voor die televisie en kyk na programme wat hul ouderdomsperk oorskry.
- Die repondente gebruik die rekenaar, selfoon, tydskrifte en die sosiale netwerk, *Facebook*.

Bogenoemde komponente is bespreek na aanleiding van die inligting wat uit data bekom is. Die afleidings en die gevolgtrekkings wat uit die data gemaak is, dien as aanbevelings en wenke om die houdings van adolessente te bespreek.

5.4 Gevolgtrekkings

Die ontleding van die vrae wat oor die navorsingontwerp handel, het tot die volgende kerngevolgtrekkings gelei:

5.4.1 Literatuurstudie

In die literatuurstudie is die soorte seksuele losbandigheid bespreek. Die sewe faktore wat aanleiding gee tot die houding wat die adolessent teenoor seksuele losbandigheid het, is bespreek. In die sosio-opvoedkundige omgewing moet die opvoeder en ouer streef na meer kennis om die kind se opvoedingsproses te verstaan. Die ouer en onderwyser moet streef na ’n situasie waar opvoedingsfoute vermy kan word sodat risikogedrag van die adolessent beperk kan word.

Na aanleiding van die bevindings uit die literatuurstudie kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die opvoedingsdoel van sosio-opvoedkunde is om ’n verantwoordelike kind te vorm wat sinvol as volwassene deel kan wees van die sosiale lewe.
- Faktore wat die fisiese omgewing negatief beïnvloed byvoorbeeld drankmisbruik, dra by tot swak besluitneming deur die adolessent (vergelyk 2.4.2).
- Drank en aggressie by etniese groepe dra by tot hoë risiko gedrag van die adolesssent (vergelyk 2.4.3).
- Seksuele stimulasie in die media soos tydskrifte en verbode televisieprogramme dra by tot die sosiale opvoeding van die adolessent (vergelyk 2.4.4).
- Die gesinsagtergrond van die enkelouer en hersaamgestelde gesinne het ’n invloed op die gedragspatrone van die kind (vergelyk 2.4.5).
- Puberteit is die fase in die adolessent se lewe waar die verkeerde portuurgroepe aanleiding kan gee tot uitspattighede soos dwelmgebruik en tatoeëering (vergelyk 2.4.6).
- Die skoolomgewing is ’n struktuur waar sosiaal aanvaarbare/onaanvaarbare gedrag soos drankmisbruik aangeleer kan word (vergelyk 2.4.7). Die skoolomgewing bepaal ook jou hoeveelheid maats of die mate van eensaamheid.
- Opvoedingsverwaarlosing en ontoereikende opvoedingskommunikasie het tot gevolg dat adolessente binne gesinsbande nie met ander mense kan kommunikeer nie (vergelyk 2.5.1).
- Die opvoedingstyl van die ouer sal bepaal hoe selfstandig die kind sal optree (vergelyk 2.5.2).

Die adolessent se besluitneming berus in ’n groot mate op die invloed van die sosiale omgewing. Die navorser is van mening dat die media te veel inligting aan die jong adolessent beskikbaar stel. Die adolessent se gedrag is nie meer selfgeldend as in die verlede omdat hul nie genoegsame vaardighede besit om hul seksualiteit te bestuur nie. Die media ontneem die adolessent dikwels van die basiese sosiale vaardighede. Die adolessent se besluitneming berus in ’n groot mate op die invloed van die sosiale omgewing.

Gesinswaardes kan bëinvloed word deur egskeiding en die groot getal enkelouers. Internet-pornografie, kletskamers en selfone het ook ’n nuwe wêreld vir die adolessent se seksfantasieë ontsluit. Tegnologie het adolessente se seksualiteitsontwikkeling net nog meer gekompliseerd gemaak.

Die literatuurstudie het aangetoon dat tieners hormoon-aangedrewe is, en die gemeenskap en ander persone moet hul begelei om hulself te leer respekteer en hulself te leer ken.

5.4.2 Empiriese studie

Die gevolgtrekkings uit die empiriese navorsing word volgens die vraelys weergegee.

5.4.2.1 Vraelyste

Uit die inligting wat verkry is uit die vraelyste wat aan ’n skool gestuur is en deur die leerders voltooi is, is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

Uit subskaal L1 is daar met regressie koëffisiente bepaal watter items losbandigheid aanspoor (vergelyk Tabel 4.46).

Die positiewe koëffisiente wat bydra tot losbandige gedrag was:

- Tydskrifte
  Verbode tydskrifte is ’n groot bron van seksinligting. Te veel blootstelling aan verkeerde inligting, kan die adolessent negatief beïnvloed.

- Eensaamheid
  ’n Eensame adolessent hou homself meestal met sy selfoon en rekenaar besig . Hierdie media is nie altyd veilig vir die adolessent nie.

- ’n Goeie verhouding met pa veroorsaak dat die jong adolessent sekere gedrag navolg. Indien die gedrag van die pa negatief sou wees, sal die adolessent daarvolgens optree.

- ’n Groot aantal vriende lei ook tot meer losbandige gedrag. Te veel vriende veroorsaak ’n groot sosiale netwerk van baie oppervlakkige vriendskappe.

Uit subskaal L2 het die volgende regressie koëffisiënte gedui op losbandige gedrag (vergelyk Table 4.48):

- Die aantal broers en susters in die gesin dui ook op riskante gedrag. Hoe groter die gesin, hoe groter mate van losbandige gedrag is opgemerk.

- Geskeide ouers het ’n negatiewe invloed op die gedrag van die adolessent.

- Televisie programme wat die ouderdomsperk oorskry kan verkeerde boodskappe uitstuur oor seksualiteit.

- *Facebook* en die gebruik van *Skype* gee ook aanleiding tot riskante gedrag.

- Die begeerte na ’n tatoeëermerk en ’n goeie verhouding met jou pa bepaal die adolessent se houding in sosiale omstandighede. ’n Swak voorbeeld van die pa se gedrag, kan aanleidng gee tot swak gedrag by adolessent.

Uit die subskaal L3 waar onbebondenheid getoets is, het die volgende positiewe koëffisiënte tot losbandige gedrag bygedra:

- Besit van ’n tatoeëermerk
- Het ’n vaste meisie
- Hou van sport beoefen
- TV - sportkanaal

Bogenoemde items is ’n aanduiding tot ongebondenheid. Die adolessent wat in ’n verhouding met meisie is, die beoefening van sport en die rolmodelle op die sportkanaal het adolessent aangespoor tot ongebondenheid.

Verdere gevolgtrekkings wat uit die navorsingresultate gemaak is, is dat die gesinsagtergrond, opvoeding deur die ouers en media bygedra het tot ’n hoë risiko van seksuele losbandigheid. Uit die vraelys is elkeen van die faktore wat aanleiding gee tot seksuele losbandigheid ondersoek en is daar duidelik bepaal dat die faktore indien dit sou voorkom binne ’n omgewing en gesin, wel aanleiding sou kon gee tot seksuele losbandigheid.

5.4.3 Sekondêre gevolgtrekkings

Die gebrek aan voldoende opvoeding deur belangstellende ouers en opvoeders aan die adolessent het veroorsaak dat:

- Verhoudingversteuringe in die gesinsituasie bydra tot losbandige houdings van adolessente.
- Opvoedingsfoute van die ouers lei tot swak besluitneming deur die adolessent.
- Die sosiaal maatskaplike omgewing het ’n invloed op die sosiale waardes en gebondenheid van die adolessent.
- Die media is ’n onbeheerde blootstelling aan seksuele stimulasie.
- Die gesinsagtergrond bepaal ’n kind se gedragspatroon
- Die voorbeeld van die ouer bepaal verantwoordelike gedrag.

Die volgende interessante tendense het na vore gekom.

Die adolessent:

Indien goeie kommunikasie tussen ouer en kind bestaan word die ek-jy- verhouding versterk en die adolessent getuig van goeie waardes. Die adolessent streef na selfaktualisering.

Die adolessent hou van homself en is trots op wat hy bereik het. Dit blyk dat die adolessent oor waardes en norme beskik om nie afbrekende gedrag te openbaar nie.

Die ouers:

Wanneer die opvoedingstyl van die ouers liefdevol is en hul voorsien in hul kinders se behoeftes, is die adolessent gelukkig en toon nie risiko gedrag nie. Die kind en ouer toon ’n gebalanseerde saamleefsituasie in ’n aanvaarbare sosio-ekonomiese omgewing. Die gesinsagtergrond dra by om die kind aan te spoor om te presteer. Die adolessent word so opgevoed dat hy wel sal kan inpas in die sosiale omgewing.

5.5 Aanbevelings

Na aanleiding van bogenoemde gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak aan

Onderwysers:

Verdere akademiese opleiding aan onderwysers kan help dat die onderwyser die regte agtergrondkennis kan gebruik om leerders met probleme te kan verstaan.

Onderwysers moet met beskikbare mense soos terapeute en skoolsielkundiges kan praat wat die leerders se behoeftes op die hart dra.

Onderwysers moet geleenthede gebied word om sinvol en taktvol met ouers te kommunikeer. Oueraande kan gebruik word as ’n kontaksessie tussen ouers en leerders.

Onderwysers moet ‘n kultuur skep by die skool waar waardes en norme van korrekte seksuele gedrag aan leerders gekommunikeer word en opgevolg word. Leerders moet op ‘n jong ouderdom alreeds bewus gemaak word van onetiese seksuele gedrag teenoor die teenoorgestelde geslag.

Ouers:

Oueropleiding deur skole kan ouers leer hoe om beskermde en liefdevolle opvoeding aan adolessente oor te dra. Ouers kan bewus gemaak word van strategië om seksualiteits opvoeding openhartig aan kind oor te dra. As ‘n ouer meer betrokke is by die kind se alledaagse aktiwiteite, soos byvoorbeeld televisie kyk, kan dit ‘ as ‘n opvoedingsgegeleentheid gebruik word.

Ouerbetrokkenheid by die skool kan help dat ouers ’n goeie verhouding met hul adolessent en onderwyser handaaf wat risiko gedrag kan beperk.

Ouerorganisasies kan gestig word wat as netwerk gebruik word om ouers behulpsaam te wees met leerders wat moontlike hoë risiko gedrag toon.

Skole:

Leerprogramme vir lewensvaardige onderrig moet gebruik word om aan leerders openhartig kennis oor seks oor te dra. Openhartige seksualiteitsopvoeding is belangrik om houdings van leerders vanaf ‘n jong ouderdom te oriënteer na die waardes en norms van sosiale omgewing.

Strategieë wat godsdienstige beskouings oor seksuele moraliteit beklemtoon, kan moontlik gebruik word deur opvoeders.

Die oordra van seksuele inliging aan leerders deur opvoeders, maak leerders verstandig en kan bydra tot minder immorele gedrag.

Reëls en beperkinge oor seksuele gedrag moet in die klaskamer openlik aangespreek word. Skole beskik oor die gulde geleentheid om lewensvaardighede en houdings teenoor seksualiteit te vestig.

Kreatiewe strategië soos ‘n sentrum van hoop, bewusmakingsplakkate en pamflette by skole met inliging oor morele en sosiale waardes kan geïmplementeer word.

’n Behoorlike geslagsopvoedingsprogram by skole waarin die klem val op morele keuses by seksuele aangeleenthede moet as deel van die sillabus van lewensoriëntering aangebied word.

Klinieke:

Beskikbaarheid van distriksgeneeshere en klinieke aan leerders wat behandeling nodig het.

5.6 Tekortkominge van die studie

Die volgende is moontlik tekortkominge van hierdie studie:

- Die navorsingresultate is beperk omrede slegs een skool gebruik is vir die voltooiing van vraelyste. Die navorser voel egter dat voldoende inligting van die verskillende navorsinginstrumente ingesamel is om die navorsingvraag te beantwoord. Die drie voorgestelde regressie opsommings (Bylaag 3) verklaar meer as 60% van die variansie van verhoudingskale. Dit dui op die gepaste maatstaf om veranderlikes te ondersoek. ‘n Variansie van minder as 50% sou ‘n aanduiding wees van ‘n klein steekproef waar regressievergelykings nie kon gebruik word nie.
- Houdings van adolessente is veranderlik en bly verander in verskillende sosiale omgewings.

5.7 Voorstelle vir verdere navorsing

Omdat hierdie studie beskou kan word as ‘n hipotese generende navorsing, kan daar in volgende studies meer in diepte navorsing gedoen word oor die veranderlikes. Na aanleiding van hierdie studie kan die volgende moontlik in toekomstige navorsing ondersoek en aangespreek word:

- Programme tydens skoolure wat fokus op beter besluitneming deur adolessente.
- Opleiding aan ouers en opvoeders om bekwame adolessente te ontwikkel.
- ’n Ondersoek in die omgewing om die impak van die media te evalueer.
- Ontwikkeling van tegnieke en metodes om die korrekte houdings by adolessente te vorm oor seksuele gedrag.
- ’n Ondersoek na die invloed van sport in die besluitnemingproses van adolessente se optredes teenoor seksualiteit.

5.8 Slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het ’n bondige samevatting gebied van die studie. Die resultate is weergegee en gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak. In hierdie studie is dit belangrik dat seksuele losbandigheid as ’n komplekse probleem beskou word, wat die kinders, hulle gesinne, die skool, die portuurgroep en die gemeenskap raak.

Seksuele losbandigheid hou sosio-opvoedkundige implikasies in wat nie deur ouers of die onderwysers geïgnoreer kan word nie. Dit is ’n verskynsel wat bly toeneem en die mate wat kinders daarby betrokke is, is skokkend. Die ouers se opvoedingstaak bepaal hoe die adolessent sal optree. Ouers is nie net verantwoordelik vir opvoeding nie, maar is verantwoordelik vir alle aspekte wat die adolessent sal lei tot suksesvolle volwassewording. Suksesvolle besluitneming vorm die basis vir toereikende volwassewording van die adolessent.

“Daar Is in ons samelewing faktore (kragte en invloede)

werksaam wat die verhoudinge tussen opvoeders en jeugdiges

sodanig vertroebel en belemmer dat die voorwaardes

wat vir ‘n toereikende opvoedingssituasie nodig is,

byna ongemerk verlore gaan....” (Pretorius 2006: 22

Bronnelys

Abbey, A., McAuslan, P. (2004). A Longitudinal Examination of Male College Students' Perpetration of Sexual Assault. *Journal of Counsulting and Clinical Psychology,* 72(5) : 747-756. http://www.csa.com/ids70gateway.php?mode=pdf&an=EJ684744&db=eric-set-c&s1=7ff46e85ae8c5f233330fcae5565c6b0&s2=46751db69bf22e5b2aaaa334d45d4e21

Allen, L. (2006). "Looking at the real thing": Young men, Pornography, and Sexuality Education. *Studies in the Cultural Politics of Education* 27(1): 69- 83.

Austin, E.W., Chen, M. & Grube, J.W. (2006). How does Alcohol advertising influence underage drinking? The role of desirability, identification, and scepticism*. Journal of adolescent Health,* 38(1): 379-397.

Bandura, A. (2002). Social cognitive theory of mass communication. In Bryant J. & Zillmann D. (eds), *Media effects: Advances in theory and research,*121-153 . Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum associates, Inc.

Bezuidenhout, F.J. (2006). A reader on selected social issues.Van Schaik Publishers , 91-101.

Bronfenbrenner, U. (2006). *The ecology of human development: Experiments by nature and design.* USA: Harvard University Press.

Brown, M.D. (2007). Physical Development of Adolescents - Tips for Parents, 25-37 http://www.awarefoundation.org/parents/articals/adolescent.

Carr, A. (2006). *The handbook of Child and adolescent clinical psychology: A Contextual approach* (2nd ed,). New York: Taylor & Francis Inc.

Chien-Chung Huang, W. (2007). Child Support Enforcement and Sexual Activity of Male Adolescents. *Journal of Marriage and family,* 69(3):763-777.

Chen, A.C. , Thompson, E. (2007). Preventing Adolescent Risky Sexual Behavior: Parents matter! *Journal for Specialists in Pediatric Nursing,*12(2):119-122

De Vos, A.S., Strydom, H. & Fouche, C.B. (2005). *Research at Grass Roots.* Pretoria: Van Shaik Publishers.

Dietrich, V. (2003). *An exploration of adolescent risk-taking behaviour: a group dynamics perspective*. Unpublished MA thesis, University of Port Elizabeth.

Eisenberg, M.E., Sieving, R.E. & Bearinger, L.H. (2006). Parents' Communication with Adolsecents about Sexual Behavior: A Missed Opportunity for Prevention? *Journal of Youth and Adolescence ,* 35(6):893-902.

Escobar-Chaves, S.L., & Anderson, C.(2008).Media and risky behaviours.*Future of children* 18(1):147-180.

Fabrizio, L (2012). Sex-maniac Nation. *The American Spectator, 16 Feb. 2012*

Fourie, N. (1999). "Die konstruksie van vraelyste". *Tydskrif vir taalonderrig*, 33(3): 267- 297.

Franenkel, J.R., & Wallen, N.E. (2006). How to design and evalutate research in education (6th ed.). New York: McGraw-Hill.

Frisco, M. (2008). Adolescents' Sexual Behavior and Academic Attainment. *Sociology of Education ,* 8 (3): 248-311.

Guilamo-Ramos, V., Jaccard J. & Dittus P. (2008). A Conceptual Framework for the analysis of Risk and Problem behaviours: The Case of Adolescent Sexual Behavior. *Social Work reseach,* 21(1):15.

Gouws, E., Burger S. & Kruger N. (2008). *The adolescent* (220-223*).* Sandown: Heinemann Pulishers.

Goodson, P., Buhi E.R. & Dunsmore M.S. (2006). Self-esteem and adolescent sexual behaviours, attitudes, and intentions: A systematic review. *Journal of adolescent Health,* 38: 310 -319.

Hair J.F., Anerson R.E., Tatham R.L. and Black W.C. (1998) *Multivariate analysis.* Prentice Hall, New Jersey.

Hamilton, M.A. (2010). The licentiousness in Religious organizations and why it is not protected under Religious Liberty Constitutional provisions.*Teh William and Mary Bill of Rights Journal,* 10(3).

Hartell, C.G. (2005). HIV/AIDS in South Africa: A review of sexual behaviour among adolescents. *Adolescence ,* 40(157):172-182.

Herkov, M. (2010). What causes sexual addition. *Psych central* http://psychcentral.com/lib/2006/whatcauses

Huysamen, G.K. (2005). *Beskrywende statistiek vir soiale wetenskap.* Pretoria: Content Solutions.

Ivey A.E., D'Andrea M. & Ivey M. (2008). *Theories of Counseling and Psychotherapy,* United States of America.

Jacobse, J.L. (2012). Protectings our Young people in a sexually licentious culture. Ortholoxy Today : http;//www.ortholoxytoday.org.

Kann, M.E. (2011). Sexual Equality and Discreationary inequality, pp 1-12 http://www.internet journalofCriminology.com.

Kroger, J. (2003). Identity development during adolescence. In G.Adams & M.D.Berzonsky

(Eds), *Blackwell handbook of adolescence* (205-226). Oxford, UK: Blackwell.

Landman, W. (2008). Snykant-waarheid bra skaars. In : Beeld, 13 September 2007..

Lohman, B. (2008). Protective and risk factors associated with Adolescent Boys' Early sexual Debut and Risky Sexual Behaviours. *Journal of Youth and Adolescence,* 37(6):723.

Lee, Y., Salman, A . & Fitzpatrick, J. (2009). HIV/AIDS preventive self-efficacy, depressive symptoms, and risky sexual behaviour in adolescents: A cross-sectional questionnaire survey. *International Journal of nursing studies,* 46(5): 53-660.

Lenhart, A. (2007). Teens and social media. Washington, D.C. Pew Internet and American Life Project, 26.

Louw D. & Louw, A. (2007). *Child and Adolescent development.* South Africa: ABC Printers

Luthar, S.S. (2003). The culture of affluence: Psychological costs of material wealth. *Child Development*, 74(2):1581-1578.

Marcell, A.V. (2007). *Adolescence.* Philidelphia: Allyn & Bacon.

Marshall, G. 2004. The pupose, design and administration of a questionnaire for data collection. http://www.sciencedirect.com/sience.

Maughan, K. in Pretoria News, 27 March 2008. Voorlegging van die departement van Justisie aan die Parlementêre Portfolio Kommissie rakende die "Child Justice Bill".

Matthews, B.,& Ross L. (2010). *Research methods.* Pearsons Educational Limited.

Mayeux, L. (2008). Is being popular a risky proposition? *Journal of reseach on adolescence,* 18(1): 49-54.

Moore, M.R. (2001). Family environment and adolescent sexual debut in alternative household structures. Paper presented at the Annual Meetings of the population Association of America, Washington, D.C, 15-170

Mouton, J. (2005). *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Meier, A.M. (2003). Adolescents' transition to first intercourse, religiosity, and attitudes about sex. *Social Force,* 81(1):1031-1062

Miller, B.C. (2002). Family influences on adolescent sexual and contraceptive behaviour. *Journal of Sex Research,* 39(1):22-27.

Nieuwoudt, J.M. & Nel, E.M. (1975). The relationship between ethnic prejudice, authoritarianism and conformity amoung South African Students. In S.J. Morse & C. Orpen (Eds). *Contemporary South Africa – Scial Psychological perspectives.* Johannesburg: Juta & Co.

Parrish, M.S., Stanard, R. & Cobia, D.C. (2009). Using Existential-Humanistic Approaches in Counselling Adolescents with Inapproproate Sexual Behaviors. *Journal of Humanistic Counseling, Education and Development,* 47(1): 26

Penhollow, T.M. (2008). Adolescent sexual behaviour: Impact of decision making. *American Journal of Health Behavior,* 32 (3): 330- 331.

Peterson, I., & Bhana, A. (2005). Sexual violence and youth in South Africa: The need for Community-bases prevention interventions. *Child Abuse & Neglect* 29 (2) :1233-1248.

Pettigrew, T.F. (2008). *The social science tudy of American Race Relations in the twentieth century.*Social and personality Psychology Compass: 318- 345

Pettigrew, T.F. (1958) Personality and sociocultural factors in intergroup attitudes: a cross national comparison. *Journal of conflict resolution.2.29-42*

Pinkleton , B. E. & Austin, E.W. (2009). Effects of a Peer-Led Media Literacy Curriculum on Adolescents' Knowledge and attitudes Towards Sexual Behavior and Media Portrays of Sex. *Health Communication,* 23(2) : 462-472.

Ponton, L. (2002). Review of the sex lives of teenagers: Revealing the Secret World of Adolescent Boys and Girls. *Adolescence,* 47(147):657.

Sabia, J. (2006). Does Sex Education Affect Adolescent Sexual Behaviors And Health? *Journal of Policy Analysis and Management,* 25(4): 783-802.

Schmidt, M.E. (2008) Media and attention, cognition, and school achievement. *The Future of Children*, 18(1):63-85

Smelier, A.P. (2008). "I want to Get to Know Her Better". Adolescent Boys Dating Motives, Masculinity Ideology, and Sexual Behavior. *Journal of Adolescence,* 31(1): 17-32 .

Smith, L.H., Guthrie, J.B. & Oakley D.J. (2005). Studying Adolescent Male Sexuality: Where Are We? *Journal of Youth and Adolescent,* 34 (4): 361-377.

Sneed, C., Strachman, A. & Nguyen, C. (2009). The influence of parental monitoring and communication on adolescents sexual behaviour and intentions. *Vulnerable children and Youth studies,* 4(1): 37-47.

Sneed, D. (2009). Parent-adolescent communication about sex: The impact and comfort on adolescent sexual behaviour. *Journal of HIV/AIDS prevention in children & Youth,* 9(1): 70-83.

Stella, C., (2006). How Peers Mediate Media Influene on Adolescent' Sexual Attitudes and Sexual Behavior. *Journal of Communication,* 56(4): 585-606.

Sorensen, E.J. & Hill, J. (2004). Single mothers and child support receipt: How well is child support enforcement doing? *Journal of Human Relation,* 39(1):139 – 154.

Taylor, S.E., Peplau, L.A. & Sears, D.O. (2006). *Social psychology (12th edition).* New Jersey: Pearsons Education Inc.

Te'Neil, L. 2002. A conceptual framework for examining identity, media influence, and social development. *Review of General Psychology,* 6(1) : 73-79.

Thomas, R.M. (2005). *Comparing theories of child development* (6th ed.). Belmont:Thomson learning.

Versluis, J . (2003). Toegang tot die internet deur selfone dra by tot oortredings- styging in kinderpornografie. *Beeld*: 6, 15 Jan 2003.

Weisfeld, G. & Woodward, L. (2004). Current Evolutionary Perspectives on Adolescent Romantic Relations and Sexuality. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry,* 43(1): 11-19.

Wilson, D.S. & Wilson E.O. (2007). Rethinking the theoretical foundation of Sosio-Biology. *Review of Biology,* 82(4):327-438

Wolhurter, C. (2009). Is die onderwys van die wêreld gerat vir die eise van die een-en – twingtigse-eeu? *LitNet Akademie*, 6(2).

Zall-Crawford, B. (2001). A Study of Parental influence on Adolescent Males' sexual attitudes and behaviours. Dissertation Abstracts International: Section B*: The Sciences & Engineering*, 62(2): 2118

Bylaag A

Vraelys

LEWENSORIëNTERINGSVRAELYS

Die doel van hierdie vraelys is om uit te vind hoe leerders oor sekere sake dink. Beantwoord asseblief al die vrae. **Jou antwoorde is vertroulik en anoniem**.

	Slegs vir kodering	
1. Ouderdom: .....jaar	V1	
2. Graad:.....	V2	
3. Is jou ouers geskei: Ja….. Nee….. (Maak 'n kruisie om te antwoord)	V3	
4. Wat was jou gemiddelde prestasie aan die einde van verlede jaar: .....%	V4	
5. Wat dink jy sal jou gemiddelde prestasie wees aan die einde van hierdie jaar :....%	V5	
6. Hoeveel broers en susters het jy:	V6	
7. Is jy die oudste kind in julle gesin: Ja..... Nee…….	V7	
8. Is jy die jongste kind in julle gesin: Ja..... Nee…….	V8	
9. Bly jy in 'n koshuis: Ja..... Nee…….	V9	
10. Dui op 'n tienpunt skaal aan hoe goed jy klaarkom met jou Pa (As jy baie goed klaarkom gee jy jou 'n 10. As jy baie sleg klaakom gee jy jouself 'n 1):	V10	
11. Dui op 'n tienpunt skaal aan hoe goed jy klaarkom met jou Ma (As jy baie goed klaarkom gee jy jou 'n 10. As jy baie sleg klaakom gee jy jouself 'n 1)	V11	
12. Het jy 'n vaste meisie: Ja….. Nee……	V12	
13. Indien jy 'n vaste meisie het, hoe lank gaan julle uit :.....Maande	V13	
14. Glo jy aan lyfstraf: Ja..... Nee…..	V14	
15. Het jy 'n tatoe: Ja..... Nee……	V15	
16. Wil jy 'n tatoe hê: Ja..... Nee……	V16	
17. Hou jy daarvan om sport te be-oefen: Ja..... Nee	V17	

18. Hoeveel vriende het jy: ……..	V18	
19. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe belangrik is dit om met jou vriende saam te stem (as dit baie belangrik is gee jy vir jouself ‘n tien. As jy baie onbelangrik is is, gee vir jouself ‘n 1): …….	V19	
20. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe eensaam jy is (as jy baie eensaam is, gee jy vir jouself ‘n tien. As jy glad nie eensaam is, gee vir jouself ‘n 1): ……..	V20	
21. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe gelukkig jy is (as jy baie gelukkig is, gee jy vir jouself ‘n tien. As jy baie ongelukkig is, gee vir jouself ‘n 1): ……..	V21	
22. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe lekker die skool vir jou is (as die skool baie lekker is gee jy vir jouself ‘n tien. As jdit baie slag is, gee vir jouself ‘n 1): …….	V22	
23. Hoe gereeld gaan jy kerk toe: Omtrent een keer ‘n week..4.....Een keer ‘n maand...3....Nou en dan...2.....Byna nooit……1	V23	
24. Is jy gay: Ja ……. Onseker……. Nee……..	V24	
25. Hoe dikwels rook jy: Nooit nie……. Soms..... Gereeld…..	V25	
26. Hoe dikwels gebruik jy alkohol: Nooit nie…. Soms……. Gereeld…….	V26	
27. Hoe dikwels gebruik jy verdowingsmiddels: Nooit nie..... Soms….. Gereeld……	V27	
28. Hoeveel uur per week kyk jy TV:....	V28	

Hieronder word ‘n aantal stellings gemaak. Trek ‘n kruisie langs elke stelling, onder die toepaslike keuse, om aan te dui in watter mate jy met die stelling saamstem:

	Stem oortuigend saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem glad nie saam nie	Kodering

1. Dit is lekker om reëls te breek						A1
2. Ek hou nie van gay mense nie						A2
3. Voorhuwelikse seks is verkeerd						A3
4. Dit sal lekker wees om gelyktydig meer as een meisie te hê						A4
5. Daar is niks verkeerd met pornografie nie						A5
6. Skooldrag is noodsaaklik						A6
7. Groepseks is sleg						A7
8. Dissipline op skool word oordryf						A8
9. Winkeldiefstal is pret						A9
10. Hoërskoolkinders moet toegelaat word om drank te gebruik						A10
11. Die gevare van dagga word oordryf						A11
12. Dit is lekker om te party						A12
13. ‘n Mens moet luister na jou ouers						A13
14. ‘n Mens moet respek betoon teenoor jou onderwyser						A14
15. Pornografie moet verbied word						A15
16. Gelyktydige intieme verhoudings met baie meisies is aanvaarbaar						A16
17. Dit is lekker om aan ‘n bende te behoort						A17
18. Dit is onaanvaarbaar om te vloek						A18
19. Morele standaarde is noodsaaklik						A19
20. Skoolgees is goed						A20
21. Dit is beter om saam met die stroom te gaan as om ‘n martelaar te wees						B1
22. Indien byna almal saamstem met iets, is daar min rede om dit teen te gaan						B2
23. Om susksesvol te wees moet die lede van ‘n groep eenders dink en optree						B3
24. Dit is belangrik vir vriende om soortgelyke menings te hê						B4

Stee	Stem	Onseker	Stem	Stee	Vir gs

25. Dit is belangriker om lojaal te wees aan ons eie groep, as om te probeer om saam te werk met ander groepe						B5	
26. ‘n Goeie groeplid behoort saam te stem met die ander lede						B6	
27. Dit is die beste om nie jou mening te lug nie in die geselskap van vriende wat met jou verskil						B7	
28. Voordat ‘n mens iets doen, behoort hy te probeer in ag neem hoe sy vriende daarop sal reageer						B8	
29. Om deesdae suksesvol te wees, moet ‘n mens optree soos ander van jou verwag om op te tree						B9	
30. ‘n Groep kan nie verwag om sy identiteit te handhaaf indien sy lede nie almal min of meer dieselfde dink en voel nie						B10	
31. Om goed in ‘n groep oor die weg te kom, moet ‘n mens ander se leiding aanvaar						B11	
32. Dis wenslik om jou behoeftes te wysig sodat dit aan ‘n groep se eise sal voldoen						B12	

A. Dui op **‘n tienpunt skaal** aan hoe baie jy van die volgende TV Programme hou (10 = baie en 1 = niks)

Geweld.....	Sport.....	Drama	Komedie.....	Flieks bo jou ouderdomsbeperking	
V29	V30	V31	V32	V33	Slegs vir kodering

B. Maak **‘n kruisie** in elke blokkie as jy die media gebruik.

Selfoon	Skootrekenaar	Ipod	Rekenaar	Televisie	Playstation	Tydskrifte	
V34	V35	V36	V37	V38	V39	V40	Slegs vir kodering

C. Maak **'n kruisie** as jy die sosiale netwerk gebruik.

Facebook	Twitter	Mxit	Kletskamers	Skype	
V41	V42	V43	V44	V45	kodering

Bylaag B

Goedkeuring van Skool, Departement van Onderwys, Ouers en leerders

Kwartsiet 608

Moreleta Park

Pretoria

20 Mei 2011

Geagte Skoolhoof en Departementshoof Lewensoriëntering

Insake: Navorsingvraelyste

Ek is tans besig met my laaste twee slot hoofstukke van my Meesters verhandeling en wil graag u toestemming vra om ‘n paar vraelyste aan my leerders te versprei om die nodige inligting te versamel vir ‘n kwantitatiewe weergawe van my onderwerp.

My onderwerp ondersoek die oorsake van swak gedrag onder adolessente seuns.

Die navorsingontwerp is wiskundige statistiese ontwerp en die volgende toetse word beplan:

- ‘n Losbandigheidskaal word ontwerp met Chi- kwadraadtoetsing.
- Subskale volgens Dernogramme om gemiddelde verbande te bepaal
- Trosanalise sal gebruik word om betroubaarheid van gestandaardiseerde items te bepaal.
- Regressie modelle vir 50 veranderlikes sal opgestel word.
- Elke regressie koëffisiënt sal ontleed word deur gestandaardiseerde beta koëffisiënte.

Ek sal uit my navorsingontwerp kan bepaal:

- Die invloed van die media
- In watter mate sport jou gedrag beïnvloed
- Jou ouers se invloed op jou gedrag
- Drank- en dwelmgebruik

Ek sluit graag my vraelys in vir u goedkeuring.

Alle inligting, sowel as die skool wat ondersoek word, word as streng vertroulik beskou.

Baie dankie

Thalita Nelson

Goedkeuring deur Skoolhoof.

608 Kwartsiet Avenue

Moreleta Park

Pretoria

0167

28 March 2011

Department of Education

District 4

WHOM IT MAY CONCERN

I am conducting a research project on attitudes of adolescent boys toward bad behaviour in District of the Gauteng Education Department.

I request permission from you that a high School in this area can participate in this project.

The descriptive research method is used for the problem statement and to enquire into the objectives of the research. The enormous power of Social Development Theory possesses to elevate and accelerate the expansion and development of the human capabilities in any field. Social development organises human energies and activities at higher levels to achieve greater results. Development increases the utilisation of human potential.

This study will concentrate on:

1. Attitudes change towards sexual morals and values
2. The Role of parents in the education of children
3. The Context and Content in Life Orientation as a school subject

The process will be handled confidentially during and after the research process. Data will only be used in a statistical summary. No names will be linked with any information that is reported.

The research will enable teachers and children to know more about attitudes towards norms and values.

Should you have any questions or desire further information, please call me at 079 5007 489

Sincerely,

Thalita Nelson

LEWENSORIëNTERINGSVRAELYS

Geagte ouer en leerder

Ek is tans besig met my laaste twee slot hoofstukke van my Meesters verhandeling en wil graag u toestemming vra om die volgende vraelys aan u leerder te versprei om die nodige inligting te versamel vir 'n kwantitatiewe weergawe van my onderwerp.

My onderwerp ondersoek die oorsake van swak gedrag onder adolessente seuns.

By voorbaat dankie

Thalita Nelson

Toestemming van ouer…….

Die doel van hierdie vraelys is om uit te vind hoe leerders oor sekere sake dink.

Beantwoord asseblief al die vrae. **Jou antwoorde is vertroulik en anoniem**.

1. Ouderdom: .....jaar
2. Graad:.....
3. Is jou ouers geskei: Ja….. Nee….. (Maak 'n kruisie om te antwoord)
4. Wat was jou gemiddelde prestasie aan die einde van verlede jaar: .....%
5. Wat dink jy sal jou gemiddelde prestasie wees aan die einde van hierdie jaar :....%
6. Hoeveel broers en susters het jy: .....
7. Is jy die oudste kind in julle gesin: Ja..... Nee…….
8. Is jy die jongste kind in julle gesin: Ja..... Nee…….
9. Bly jy in 'n koshuis: Ja..... Nee……
10. Dui op 'n tienpunt skaal aan hoe goed jy klaarkom met jou Pa (As jy baie goed klaarkom gee jy jou 'n 10. As jy baie sleg klaakom gee jy jouself 'n 1): .....
11. Dui op 'n tienpunt skaal aan hoe goed jy klaarkom met jou Ma (As jy baie goed klaarkom gee jy jou 'n 10. As jy baie sleg klaakom gee jy jouself 'n 1) .....
12. Het jy 'n vaste meisie: Ja…..
    Nee……
13. Indien jy 'n vaste meisie het, hoe lank gaan julle uit :.....Maande
14. Glo jy aan lyfstraf: Ja..... Nee…..
15. Het jy 'n tatoe: Ja.....
    Nee……

16. Wil jy ‘n tatoe hê: Ja..... Nee……

17. Hou jy daarvan om sport te be-oefen: Ja..... Nee

18. Hoeveel vriende het jy: ……..

19. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe belangrik is dit om met jou vriende saam te stem (as dit baie belangrik is gee jy vir jouself ‘n tien. As jy baie onbelangrik is is, gee vir jouself ‘n 1): ……..
20. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe eensaam jy is (as jy baie eensaam is, gee jy vir jouself ‘n tien. As jy glad nie eensaam is, gee vir jouself ‘n 1): ……..

21. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe gelukkig jy is (as jy baie gelukkig is, gee jy vir jouself ‘n tien. As jy baie ongelukkig is, gee vir jouself ‘n 1): ……..
22. Dui op ‘n tienpuntskaal aan hoe lekker die skool vir jou is (as die skool baie lekker is gee jy vir jouself ‘n tien. As jdit baie slag is, gee vir jouself ‘n 1): .....

23. Hoe gereeld gaan jy kerk toe:

Omtrent een keer ‘n week..4.....Een keer ‘n maand...3....Nou en dan...2.....Byna nooit……1

24. Is jy gay: Ja ……. Onseker……. Nee……..

25. Hoe dikwels rook jy: Nooit nie……. Soms..... Gereeld…..

26. Hoe dikwels gebruik jy alkohol: Nooit nie…. Soms……. Gereeld…….

27. Hoe dikwels gebruik jy verdowingsmiddels: Nooit nie ..... Soms….. Gereeld……
28. Hoeveel uur per week kyk jy TV:....

Bylaag C

Regressiesvergelykings as gepaste maatstaf vir steekproefgrootte

Tabel 4.48: Regressie Modelopsomming Subskaal L1 (Morele deugde)

Model opsomming

Model	Regressie (R)	Vierkants Wortel van R	Gewysigde vierkantswortel R	Standaard Fout van die voorspelling
1	.451	.203	.198	4.354
2	.558	.311	.301	4.063
3	.594	.353	.340	3.949
4	.626	.392	.375	3.842
5	.652	.425	.405	3.750
6	.671	.450	.427	3.681
7	.691	.477	.451	3.602
8	.707	.500	.472	3.532
9	.724	.524	.493	3.461
10	.736	.542	.509	3.406
11	.750	.563	.528	3.341
12	.767	.589	.552	3.253
13	.779	.606	.568	3.194

Interpetasie:

Die finale model van 13 waardes van 0.606, verklaar 60% van die totale variansie van L1 (Morele deugde).

Die 13 Items wat gesametlik wat gebruik is, se totale waarde van 0.606 dui daarop dat 60 % tot die totale variansie van L1 (Morele deugde) bygedra het. Dit beteken dus dat 60% van die items getoets wel aanleiding gee tot seksuele losbandigheid.

Tabel 4.49 Regressie Modelopsomming Subskaal L2 (Riskante gedrag)

Model	Regressie (R)	Vierkants Wortel van R	Gewysigde vierkantswortel R	Standaard Fout van die voorspelling
1	.409	.167	.161	4.091
2	.517	.267	.257	3.851
3	.590	.348	.334	3.645
4	.648	.420	.404	3.449
5	.712	.506	.489	3.193
6	.742	.550	.531	3.059
7	.769	.592	.572	2.923
8	.786	.618	.596	2.840
9	.805	.648	.625	2.734
10	.820	.673	.649	2.646
11	.830	.690	.665	2.587
12	.842	.709	.684	2.512
13	.853	.728	.702	2.440
14	.862	.743	.716	2.380
15	.869	.755	.728	2.331

Interpetasie:

Die finale model van 15 waardes van 0.755, verklaar 75.5 % van die totale variansie van L2 (Riskante gedrag).

Die 15 Items wat gesametlik gebruik is, se totale waarde van 0.755 dui daarop dat 75.5 % tot die totale variansie van L2 (Riskante gedrag) bygedra het. Dit is dus ’n baie goeie aanduiding watter items bydra tot riskante gedrag. Dit beteken dus dat 75.5% van die items getoets wel aanleiding gee tot seksuele losbandigheid.

Tabel 4.50 Regressie Modelopsomming Subskaal L3 (Ongebondenheid)

Model	Regressie (R)	Vierkants Wortel van R	Gewysigde vierkantswortel R	Standaard Fout van die voorspelling
1	.392	.154	.148	3.187
2	.491	.241	.231	3.029
3	.534	.286	.271	2.949
4	.561	.315	.296	2.898
5	.588	.346	.323	2.842
6	.618	.382	.356	2.771
7	.648	.420	.391	2.695
8	.673	.453	.422	2.625
9	.695	.484	.450	2.561
10	.715	.511	.476	2.500
11	.742	.550	.514	2.407
12	.753	.567	.529	2.370
13	.765	.585	.545	2.330
14	.776	.602	.560	2.291
15	.787	.619	.576	2.247
16	.794	.631	.586	2.221
17	.805	.648	.603	2.177
18	.816	.667	.620	2.127
19	.825	.681	.633	2.091

Interpretasie: Die finale model van 19 waardes van 0.681, verklaar 68.1 % van die totale variansie van L3 (Ongebondenheid).

Die 19 Items wat gesametlik gebruik is, se totale waarde van 0.681 dui daarop dat 68.1 % tot die totale variansie van L3 (Ongebondenheid) bygedra het. Dit beteken dus dat 68.1% van die items getoets wel aanleiding gee tot seksuele losbandigheid.